



HOOFSTUK II.

PROPAGANDAWERK VAN DIE TWE- DE AFRIKAANSE TAALBEWEGING IN DIE SUIDE.

Deur Prof. Dr. E. C. PIENAAR.

I. DE GOEDE HOOP.

MET die oprigting van *De Goede Hoop* in Julie, 1903, onder redaksie van adv. J. H. H. de Waal, begint die propaganda van die nuwe beweging in Kaapland. Hoewel hierdie maandblad onder beheer gestaan het van persone wat Afrikaans nie gunstig gesind was nie, en daarom allermins opgerig was met die doel om daarvoor propaganda te maak, het De Waal van die aanvang af—op versigtige, maar nietemin doeltreffende wyse—daarin begin skrywe in en oor Afrikaans.

In sy *Inleidingswoord* het hy oud en jonk uitgenooi om by te dra tot die inhoud van die blad, en meegedeel dat bydraes na verkiesing in Hollands of Afrikaans gestel kon word. Die eerste nommer bevat dan ook reeds twee kort verhale en twee gedigte in Afrikaans—één waarvan uit die pen van Melt Brink, wat daarna 'n vaste medewerker is. Hoewel nog geen vier van die ses-en-twintig bladsye leesstof in Afrikaans gestel was nie, het „een geachte correspondent uit Stellenbosch” dadelik beswaar gemaak dat „er te veel Afrikaansch in het eerste nommer voorkomt.” De Waal kon egter geen beterskap be-

lowe nie, omdat hy in die 2e nommer self voor die dag kom met *Anjelina*, 'n tragiese liefdespel in Afrikaans; terwyl hy in die 3e nommer met voldoening gewag maak van die feit dat al meer skrywers hulle van Afrikaans bedien: „Wat mij tot nog toe het meest in verband met dit blad heeft getroffen, is dat zoveel gedichten, grappen, enz., in de Afrikaanse taal geschreven zijn. Het lijkt alsof deze taal, die reeds tamelik algemeen door Afrikaners als een zeer degelijke en deugdelijke spreektaal wordt erkend en aangenomen, ook als schrijftaal hoe langer hoe meer in den smaak valt.”

'n Groot beswaar was egter die spelling, waarom hy terwille van eenvormigheid as leidraad aanbeveel: „Spel volgens de uitspraak, maar wijk niet onnodig van de Hoog-Hollandsche spelregels af.” Daarmee was die moeilikheid egter nog nie opgelos nie, en die onsekerheid ten aansien van die spelling was dan ook jarelank een van die vernaamste griewe teen Afrikaans. Die oog van die lesende publiek was so gewend aan 'n langgevestigde skryftradisie, dat die besware teen die vereenvoudigde spelwyse nog in dubbele mate ten opsigte van Afrikaans gegeld het. Pas in 1915 sou die spellingvraagstuk tot 'n min of meer bevredigende oplossing kom.

In die Junie-nommer (1904) skryf De Waal 'n lang pleidooi in versvorm ten gunste van Afrikaans onder die tiitel: *Di Afrikaanse Taal an di Woord*; terwyl hy in die Julie-nommer (1904) die wenslikheid daarvan be- toog om die spelling deur 'n kommissie van taalgeleerde Afrikaners te laat vasstel, en die gedagte uitspreek dat 'n taalvereniging moes opgerig word „met het oog op het behoud en het voorthelpen van ons geliefd Afrikaansch”. Dit het egter voorlopig by 'n vrome wens gebly, en De Waal was later, toe Preller in Transvaal en Johan Visscher en ds. W. Postma in die Vrystaat daadwerklik begin ywer het vir so'n vereniging, selfs genoodsaak, waarskynlik op 'n wenk van die beheerders van sy blad, om meer Hollandse en minder Afrikaanse stukke op te neem. Om nie aanstoot te gee nie, het hy hom dan ook voorlopig uitsluitend van Hollands bedien in sy inleidingskolomme.

Met die invoering van die Vereenvoudigde spelling in 1904 het die Z.A. Taalbond dadelik 'n vinnige briefwisseling uitgelok tussen aanhangers van die ou spelling, voorstanders van die nuwe spelling en Afrikaans-

voorstanders. Onder laasgenoemde was De Waal die voorvegter. In *Ons Land*, 3 September 1904, skryf hy o.m.:

„Nu, aangezien de Taalbond beseft dat de tyd gekomen is wanneer Afrikaansch in verscheiden opzichten in de Hollandsche schryftaal erkend behoort te worden, zou het niet goed wezen, dat hij Afrikaansch, zoals dit gesproken wordt, in alle opzichten als een geschikte schryftaal erkent? Als wij toch van de erkende Nederlandsche taal en spelregels moeten afwijken, zoals de Taalbond wil, waarom moet de afwijking net genoeg wezen om onze taal tot een zeer gebrekkig Nederlandsch te veranderen? Waarom kan de afwijking niet, eens en voor altijd, zóó radikaal wezen, dat ieder, die een zin in onze taal leest, dadelik zal kunnen zeggen: Dat is geen *quasi*-Nederlandsch of gekunsteld Kaapsch-Hollandsch, dat is het zuivere Afrikaansch? In dat geval zouden wij zowel de taal van Holland als die van Zuid-Afrika zuiver houden, in plaats van een mengelmoes van beide te maken.”

As Redakteur van *De Goede Hoop* was De Waal egter van die aanvang af in 'n eienaardige posiesie geplaas, wat 'n deurtastende optree van sy kant aanvanklik feitlik onmoontlik gemaak het. Soos bekend, het die nwerking van die eerste beweging na die oorlog in die Suide nog voortgeduur. *Die Patriot* self verskyn nog tot 1904, die maandblad *Ons Klyntji* tot 1906, terwyl dit in 1907 vir 'n paar jaar herleef in die vorm van *Ons Taal*, en die steun geniet van bekende jonger kragte soos Totius, Perold en Malherbe. Ook word in 1906 deur die Patriot-drukkery in die Pêrel uitgegee 'n bundel *Afrikaanse Gedigte, byeenfersameld uit wat in di laaste 30 jaar ferskyn is: 1876-1906*.

Hieruit sou 'n mens dus aflei dat die omstandighede vir 'n herlewing van die Taalbeweging nêrens so gunstig was as juis in die Suide nie, en dat De Waal se optree derhalwe daardeur baie sterk moes begunstig geword het. Dit was egter nie die geval nie, inteendeel. Die nuwe beweging het hier aanvanklik 'n veel kalmer verloop gehad as direk na Preller se optree in die Noorde. Die verklaring daarvoor is te vind in die politieke rol wat ds. S. J. du Toit, die leier van die Patriot-beweging, sedert 1896 gespeel het. Hy het naamlik 'n volgeling geword van Cecil Rhodes, en tydens die tweede Vryheids-

oorlog selfs teen die twee Republieke gedraai, met die natuurlike gevolg dat nie alleen hy persoonlik in onguns geraak het by die Afrikanervolk nie, maar ook die taalbeweging wat ongelukkig met hom vereenselwig geword het. Ook het die oordrewe fonetiese spelling wat *Di Patriot* in die laaste jare toegepas het, groot ontevredenheid veroorsaak by baie lesers. Om hierdie redes veral het die Patriot-beweging begin kwyn en ten slotte heeltemal doodgeloop.

Hoewel De Waal dus aan die een kant in die skynbaar gunstige posisie verkeer het dat hy eenvoudig kon voortbou op die reeds gelegde fondament van die ou Genootskap, moes hy aan die ander kant juis baie versigtig te werk gaan „totdat die *Patriot* - ruiĳ wat daar nog aan Afrikaans gekleef het, 'n bietjie weggewaai het". En in hierdie gedragslyn het De Waal nie alleen gestaan nie. Dadelik na die stigting van die A.T.G. in Pretoria in 1905, het die uitgewers van *Ons Klyntji* poginge aangewend om hierdie blad aan die beweging in die Noorde te verbind. Preller en sy medestanders het egter eenstemmig afkeurend geadviseer, uit presies dieselfde oorgewinge as De Waal, soos uit die volgende aanhalinge blyk:

„Give a dog a bad name and hang him—sê die Engelman. So is dit met die ou Pêrlspan. Ons kan óns onmoontlik aan hierdie wiel laat binde". (Dr. N. M. Hoogenhout.)*

„Ik moet eerlik erken dat ik maar net danig skrikrig is ver enige zaak wat met die Pêrl of die overlede Patriot in betrekking staat. Ons zal onze beweging m.i. sommer uit die staanspoor uit gaan belemmer en benadeel, als ons „Ons Kleintjie" onze orgaan zal gaan maak." (A. J. van der Walt.)*

Onder sulke omstandighede is dit begryplik dat De Waal dadelik met groot ingenomenheid Preller se optree in die Noorde begroet het. In *De Goede Hoop*, Sept. 1905, sê hy na 'n bespreking van Preller se pleidooi vir Afrikaans o.m.:

„Wij erkennen ronduit dat wij in alles wat wij uit het opstel van den heer Preller hebben aangehaald, volkomen eens zijn met hem. Als onze natie niet haar taal, het onvervalschte Afrikaans, als een degelijke, waardige,

(*) Uit briewe in Preller se Argief.

zelfstandige taal wil vereeren en haar trapsgewijze — zoo iets gaat nooit snel — tot schrijftaal wil verheffen, zal niet alleen deze kostbare erfenis onzer ouders voor ons verloren gaan, maar ook van 't heerlijke Nederlandsch zal er in ons land niets van overschieten. Deze twee talen gaan hand aan hand. De beste vrienden van Nederlandsch in Zuid-Afrika vindt ge bij de voorstanders van Afrikaansch. Werkt men Afrikaansch tegen, dan werkt men Engelsch—en Engelsch alleen—in de hand....”

Maar hy warsku Preller om nie te haastig te werk te gaan nie. Eers in die omgang en briefwisseling gebruik maak van Afrikaans, eers 'n literatuur skep, dan sal Afrikaans vanself die plek inneem wat hom toekom.

In hierdie verband is ook van belang die volgende uitslating van De Waal in 'n brief aan Preller: „Ek het di beweging wat u met soveel vuur an di gang geset het, met baie bespreek, en ek moet u sê dat di meeste ni al te gunstig gesind is ni, ofskoon ek so nou en dan daarin slaag om een tot bekering te bring. Adv. Malan het my gevra om glad gin diskussi oor di Afrikaanse taal in „De Goede Hoop” te laat plaasvind ni. 'n Paar predikante het te kenne gegee dat hulle ni „De Goede Hoop” sal ondersteun as ek met myn „Africander Grammar” voortgaan ni. Mnr. A. J. S. du Plessis het my dringend versoek om die Afrikaanse kwessi te laat bly, en di ed. heer J. H. Hofmeyr („Onse Jan”) meen ook dat dit bes is, dat ek di saak laat bly. Ek noem dit op om te toon hoe konserwatief di mense nog hier is. En di ongeluk is, dat ek verplig is om van hulle gevoelens notisi te neem. Maar al voel ek my nou 'n beetje geknelter, sal ek daarim vir onse goeie saak gedurig werk.... Wat uw suggesti betref, om 'n takvereniging in di Kaap te stig, ek dink dat dit bes is om 'n beetje daarmee te wag. Laat di suurdeeg nog eers wat rys.”*

Dit alles verklaar waarom De Waal aanvanklik 'n enigszins terughoudende taalpolitiek moes gevolg het. Die Patriot-nasmaak, sy persoonlike verhouding tot „Onse Jan”, die gesag van die Kerk, van die Taalbond, van 'n gevestigde kultuur in die ou Kolonie, met gevestigde opvattinge—dit was almal faktore waarmee rekening moes gehou word.

Maar al was hy daardeur geknelter, as redakteur van

(*) Brief in Preller se Argief, onder datum 25/9/05.

De Goede Hoop het hy jare lank rigting gegee aan die nuwe beweging in die Suide en ongetwyfeld veel daartoe bygedra om die gebruik van Afrikaans as skryftaal te bevorder. Grotendeels op sy inisiatief het die A.T.V. tot stand gekom in 1906, en van begin 1907 het hy 'n tydlank 'n vaste A.T.V.-kolom in *Ons Land* geredigeer. Verder kan hier nog vermeld word dat De Waal reeds in 1907 die erkenning van Afrikaans in die Kaapse geregshoue verkry het, en een van die eerste advokate van die Kaapse balie gewees het om daarvan gebruik te maak.

Maar, wat veral van betekenis is, nie alleen het De Waal sedert 1903 in *De Goede Hoop* en *Ons Land* voortdurend propaganda gemaak vir Afrikaans nie, hy het ook in eersgenoemde blad die eerste verdienstelike proef gelewer—ná *Die Koningin van Skeba* deur ds. S. J. du Toit—op die gebied van die historiese roman in Afrikaans. Sedert Jan. 1904 het *Johannes van Wyk* as vervolg-verhaal in *De Goede Hoop* verskyn, en na voltooiing is dit in 1906 in boekvorm uitgegee, terwyl dit in 1921 reeds sy vyfde druk beleef het. Verder het hy daarin 'n reeks „stories, rympies en toneelspelletjies” geskryf, wat in 1911 uitgegee is in 'n bundel onder die beskeie titel *Stompies*. Ook sy *Africander Grammar*, meer bepaald vir Engelse landgenote bedoel, het aanvanklik in *De Goede Hoop* verskyn, en seker veel daartoe bygedra om meer waardering te wek vir „the confused utterances of a half-articulate patois,” soos die *Cape Times* Afrikaans genoem het.

II. DIE A.T.V.

Met die stigting van die *Afrikaanse Taalvereniging* (gewoonlik genoem die A.T.V.), op 3 Nov. 1906 in Kaapstad, begin 'n heeltetal nuwe fase in die propagandawerk van die nuwe beweging in die Suide. Want nou word die alleenstaande kragte saamgetrek in die vorm van 'n organisasie, met 'n doelbewuste program van aksie en 'n sistematiese propaganda.

Die eerste hoofbestuur van die A.T.V. het bestaan uit die volgende persone: J. G. van der Horst; advokate J. H. H. de Waal, W. Roux, Roche Pohl en W. J. van Zijl; drs. D. F. Malan, D. F. Malherbe, D. F. du Toit Malherbe en A. I. Perold; ds. P. de Waal, P. J. Hoogenhout en D. J. Brink.

Die volgende is 'n uittreksel van die Statute (in die oorspronklike spelling) :-

„Di naam van di vereniging is „Di Afrikaanse Taalvereniging.”

1. MOTIEF.

Di vereniging gaat uit van di standpunt, dat Afrikaans di taal van di Afrikaanse volk is, en om die rede deur ons volk erkend en ondersteund behoort te worde, en meen, dat di taal so vrij als moegelik van vreemde woorde en idioeme moet gebruik worde.

2. DOEL.

Di hoofdoel van di vereniging is om di gebruik van suiwer Afrikaans als spreek- sowel als skryftaal aan te moedig, en om meer liefde en waardering bij ons volk daarvoor op te wek.

3. MIDDELE.

Om die doel te bereik sal di vereniging trag om

- a. Afrikaanse ouers voor oog te hou dat, waar hulle Afrikaans als huistaal verwaarloos, daar groot gevaar is, dat Engels di huistaal van hulle kinders sal worde, en dat hulle nasionaliteitsgevoel daardeur verzwakt sal worde;
- b. daarvoor te ijwer, dat degelike onderwijs in Nederlands op ons skole sal gegee worde, daar Nederlands di hoofdbron van Afrikaans is; en dat niemand tot skoolinspekteur aangestel sal worde nie, tensij hij 'n behoorlike kennis van Hollands besit;
- c. 'n strenge wetsbepaling te verkrij, dat niemand tot di civiele dienst sal toegelaat worde nie, tensij hij 'n redelike kennis van Hollands besit;
- d. di gebruik van Hollands als officiële taal deur afdelingsrade, municipaliteitsrade, ens., als wettig erkend te krij;
- e. verdienstelike Afrikaanse boeke, liedere e.a. geskryfte uit te gee en te versprei;
- f. aan bevrinde koerante en tydskrifte leesstof in Afrikaans te besorg;
- g. kragtig saam te werk met alle andere vereniginge, wat speciaal vir di bevordering van Afrikaans ijwer,

en ook in harmonie te werk met di Z.A. Taalbond, di A.C.V.V., di Z.A.O.U. en alle andere dergelike liggame, wat betref di uitbreiding van Hollands in ons land;

- h. alle andere doeltreffende middele te gebruik vir di versterking, ontwikkeling en bevordering van die taal."

Eenmaal in die jaar sou 'n kongres gehou word, bestaande uit die hoofbestuur en afgevaardigdes van die verskillende takke van die vereniging.

In die jare volgende op die stigting van die Afrikaanse Taalvereniging was die taalkwessie in Kaapland voortdurend aan die orde in die Engelse en Hollandse pers. Want die A.T.V.-manne het geen gras oor die saak laat groei nie, maar van Kaapstad uit 'n georganiseerde veldtog op tou gesit deur die Westelike Provinsie. Verder was in *Ons Land* 'n aparte A.T.V.-kolom tot hulle beskikking gestel, deur middel waarvan hulle voortdurend die aandag van die lesende publiek op die beweging gevestig kon hou.

Veral gedurende 1907 is in *Ons Land* 'n heftige pennestryd gevoer, wat nie juis altyd verkwiklike lektuur verskaf het nie, omdat dit dikwels, by gebrek aan deugdelike argumente, ontaard het in persoonlike aanvalle wat met die saak self niks te doen gehad het nie. Hoe die A.T.V.-manne ook al op grond van hulle Statute herhaaldelik betoog het dat dit geensins hulle bedoeling was om Hollands in die wiele te ry nie, in die oog van die leek was hulle nou eenmaal „de moordenaars van onze dierbare Hollandse taal." En daarom moes hulle by iedere voorkomende geleentheid oor die kole gehaal word.

Trots alle teenstand, passief en aktief, het die beweging egter snelle vorderinge gemaak. Binne 'n jaar was in Kaapland takke van die A.T.V. gestig op die volgende dorpe: Prins-Albert, Wellington, Pêrel, Kaapstad, Carnarvon, Steynsburg, Montagu, Swellendam, Stellenbosch, Burgersdorp en Middelburg. Die vernaamste propagandamiddele het bestaan in konserte, voorlesinge, gesellige aande, prysvrae, verspreiding van lektuur, vlugskrifte, ens. Die toneel het hierby veral uitstekende dienste bewys. In Kaapstad en Die Pêrel het o.m. *Die spioen en sy handlangers* en *Amper maar nog nie* van De Waal op die planke gekom, terwyl die liefhebberytoneel op die kleiner dorpe hom in hoofsaak bepaal het tot die luimige stukkies

van Melt Brink en Langenhoven. Deur middel van jaarlikse kongresse het die verskillende vereniginge onderling in voeling met mekaar gebly en verdere werksaamhede bepaal.

III. OFFISIËLE ERKENNING VAN AFRIKAANS.

Die jaar 1914 sal vir altyd in die geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging met rooi letters aangeteken staan as 'n *annus mirabilis*, omdat in daardie jaar eindelijk die allereerste en mees vanselfsprekende opvoedkundige beginsel deur wetgewing in Suid-Afrika erken geword is, n.l. dat die Afrikaanse kind sy eerste onderrig op skool sal ontvang in en deur middel van sy eie taal!

Aan die invoering van Afrikaans op die skool is die naam van adv. C. J. Langenhoven onafskeidelik verbonde; en aan sy onversetlike wilskrag het die Afrikaanse kind dit te danke dat hy vandag nie langer as 'n vreemdeling in sy eie land behandel word nie, en dat eindelijk die grondslag gelê is vir die normale ontwikkeling van 'n eie kultuur.

Dit was nie die eerste keer dat Langenhoven vir die erkenning van Afrikaans gepleit het nie: reeds sedert jare het hy met besielde oortuiging geveg teen die ongesonde dualisme tussen praat en skryf, en alleen die gunstige geleentheid moes hom nog voordoen om sy woorde ook in daade te kan omsit.

In 1911 skryf Langenhoven na aanleiding van die taalkwessie: „Hoe lank sal ons blij op twee gedagtes? Als Nederlands ons taal is, waarom praat ons hom nie? Als Afrikaans ons taal is, waarom skryf ons hom nie? Is die één te hoog om te praat en die ander te laag om te skryf? Dan is die posiesie eenvoudig dit: vir één soort gebruik is die taal van ons moeders nie goed genoeg nie, en vir die ander soort gebruik is die kinders van ons moeders nie goed genoeg nie. En so staat ons voor die oog van die wêreld als die één en enigste nasie op die aarde, wat ons op die aansprake van ons moedertaal beroep, terwijl ons nie weet wat ons moedertaal is nie!”* Uit so'n toestand sal nooit 'n letterkunde gebore word nie, en daarom behoort daar 'n end aan gemaak te word deur Afrikaans sonder versuim as offisiële skryftaal te erken.

Daar was selfs besliste voorstanders van Afrikaans wat

(*) *Ons Land*, 15 Aug. 1911.

die laaste mening van Langenhoven bestry het. Volgens hulle oordeel was die tyd nog nie ryp om Afrikaans *offisiel*, dus in plaas van Nederlands, as kultuurmedium te aanvaar nie. Kan ons dus die student *belles lettres*, wetskapslike lektuur, teksboeke oor wysbegeerte, teologie, regsgeleerdheid, skone kunste, ens., aanbied? vra adv. W. J. van Zyl** Is die kunsgevoel en skoonheidsin van ons skrywers genoeg ontwikkel? Is ons wêreldbeskouing breed en ruim genoeg? Wat is ons letterkunde vergeleke by dié van die Europese kultuurtaal? Dit alles moes verkry word deur gestadige ewolusie en nie deur rewolusie nie.

Langenhoven het daar tereg op geantwoord dat dit juis een van die dringendste redes was waarom ons dadelik moes *begin*, begin om dié bron te suiwer waaruit al daardie armoede voortvloei, anders sou ons nooit daardie stadium bereik nie. 'n Mens leer nie swem op droë grond nie, en 'n kind wat heeldag op die arm gedra word, leer nie gou loop nie.***

Langenhoven het hom egter nie laat ontmoedig deur medestanders wat „briek aangedraai het teen die opdraand uit” nie, maar die eerste geleentheid aangegryp om 'n besliste poging te waag in die belang van Afrikaans. Met die eersvolgende sitting ná sy verkiesing tot lid van die Kaapse Prowinsiale Raad, het hy, ná sorgvuldige voorbereiding agter die skerme, op 25 April 1914 die volgende voorstel ingedien en bepleit:

„Deze Raad hecht zijn goedkeuring aan de toeneemende handhaving door het onderwijsdepartement van deze Provinsie van het gezonde beginsel van onderwijs door medium van de moedertaal der leerlingen, zoals neergelegd in de onderwijsordonnantie; en beveelt aan, dat dat beginsel verder uitgebreid worde door het gebruik van Afrikaans-Hollands als medium op onze lagere scholen tot en met de vierde standaard, waar het Hollands volgens wet de voertaal is; mits dat geen leesboeken, in het Afrikaans geschreven, voorlopig worden toegelaten, tenzij dezelve voorzien zijn van een getuigschrift van goedkeuring door een of meer personen van erkende bevoegdheid, daartoe benoemd door hetzij de Superintendent van Onder-

(**) *Ons Land*, 29 Aug. 1911.

(***) *Ons Land*, 12 Sept. 1911.

wijs, hetzij de Zuid-Afrik. Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, en mits het gebruik van zodanige leesboeken niet toegelaten worde waar het betrokken schoolkomitee bezwaar ertegen heeft." (*Ons Land*, 8 Aug. 1914.)

Dit was ten slotte van so'n vanselfsprekende maatreël, dat selfs die Engelse lede in die Raad daar geen beswaar teen gemaak het nie, sodat dit by eenparige besluit deur-gegaan het. Kort daarop is ook in die noordelike Pro-vinsies soortgelyke besluite geneem.

Met hierdie besluite was egter nog maar die eerste stap gedaan, en Langenhoven het ingesien dat dit nou veral saak was om sorg te dra dat daaraan ook inderdaad uit-voering sou gegee word. Daartoe was in die eerste plaas nodig dat sonder versuim voorsiening gemaak sou word vir die nodige leermiddele in Afrikaans. En aangesien dit nie waarskynlik was dat die betrokke onderwys-out-riteite hulle voorlopig erg warm sou maak oor Afrikaans nie, was die Akademie die aangewese liggaam om in hier-die saak die voortou te vat. Maar ongelukkig kon daar nog nie op die onverdeelde steun van die Akademie ge-reken word nie. Daarom het Langenhoven die eerste ge-leentheid te baat geneem om op die volgende Akademie-sitting, wat kort daarop geval het (Bloemfontein, 2—4 Julie 1914), sekere voorstelle in dié rigting in te dien en te ondersteun met 'n deurwrogte lesing oor *Afrikaans als voertaal*, in die woorde van Preller—„een der krachtigste en welsprekendste argumenten voor 't Afrikaans, waar-naar spreker ooit heeft mogen luisteren.”

Nog eens het Langenhoven daarin met hartstogtelike oortuiging gepleit vir Afrikaans, en veral nadruk gelê op die grondoorsaak van die afwesigheid van 'n eie literatuur —een van die hoofbesware van die teenstanders: „Die inspirasie ontbreek! ontbreek!! ontbreek!! in ons heerlike Suid-Afrika, waar elke berg en elke vlakte skreeuw om digters, waar elke tafereel uit ons roemrijke geskiedenis skreeuw om skrywers. En dié kostelike erfenis, wat ont-gin moes word om ons volk te besiel met 'n hartstogtelike besef van wat hij is en waar hij vandaan kom, word ver-waarloos: nie net agtelosig verwaarloos nie, maar op-settelik afgesluit onder strenge waarskuwing: „Geen Toegang! Op las van die Staatsman, van die Leraar, van die Onderwyser.” En generasie op generasie het onse Vondels en Goethes en Miltons daar verbij gegaan, wor-

stelende om verios te word uit hulle barensnood, om die lewende siel vir hulle volk voort te breng volgens die ingewing en bevel van hulle God, en het die uithangbordjie gesien en maar aangehou op hulle onvrugbare weg naar die graf. Baie van hulle is reeds daar vergaderd, menere, en ons kan geen één van hulle terugroep nie. Hulle werk is vir eeuwig vir ons verlore—vir ons Afrikaners wat dit die minste van alle volke kan mis. Was ons alleen in ons land, net ons Afrikaners alleen, dan was dit gruwelik om ons nasie deur kunsmatige afsluiting ontstoke te hou van die kultuur-voorregte tot opbouw van verstand, en siel, gevoel en vernuf, karakter en burgerskap, wat die *taken for granted* alledaagse besitting van ander nasies is. Maar ons doen dit in 'n land waar ons wedijweraars ten volle, ja tot owerfloed toe, toegerus is met die wapens wat ons met voorbedagte raad vir ons eie mense uit die hande hou.”*

Die teenstander beweer: „Afrikaans is nog nie 'n gevormde skriftaal nie: *ergo*, ons kan hom nie als skriftaal aanneem nie. Ons onderwysers is self nie deur behulp van hom als medium opgelei nie: *ergo*, hulle is onbekwaam om hom als medium te gebruik bij die onderrig van andere. En daarom sal ons wag, terwyl één generasie na die ander verbij gaat, totdat die sonder vorming gevormde skriftaal, en die sonder ontwikkeling ontwikkelde kultuurtaal, en die sonder opleiding opgeleide onderwysers, plotseling deur die tussenkoms van 'n *deus ex machina* uit die hemel val”.

Langenhoven besluit met die volgende woorde:—, Dit was die allerlaaste pleidooi waarvoor ooit gelegenheid of noodsakelikheid moes bestaan het: die smeekstem van 'n Afrikaner met mede-Afrikaners om te erken wat sijn en hulle s'n is, wat dit tog maar altijd sal blij, wat nie van die gehalte is om ons voor te skaam nie. Te skaam nie, menere! Skande op daardie skaamte! Dis ons kostelikste roem, ons hoogste besitting: die één enigste witmantaal, wat in Suid-Afrika gemaak is en nie oor die see-water klaar gekom het nie, wat die spore van die lief en leed draag van alles wat ons en onse vadere hier deurleef en deurworstel en deurtriumfeer het; die één band wat ons als nasie aanmekeer heg: die uitgedrukte siel van ons volk.”

(*) Akademie-Jaarboek V, bls. 126.

Met twee teenstemme het die Akademie daarop, op voorstel van Langenhoven, sy goedkeuring geheg aan die Prowinsiale-Raadsbesluite in sake Afrikaans, en met die oog daarop 'n kommissie benoem om onverwyld in oorleg met vakkundige persone 'n begin te maak met die opstel van die vereiste leermiddele. In Kaapland was toe reeds 'n soortgelyke kommissie aan die werk.

IV. ONS MOEDERTAAL EN DIE HUISGENOOT.

Met bovermelde Raadsbesluite het die taalpropaganda in die Suide 'n derde stadium ingetree, wat in die naaste toekoms tot vérreikende gevolge sou voer, veral omdat dit gekenmerk was deur hernude geesdrif en verhoogde aktiwiteit.

Een van die eerste uitinge daarvan was die oprigting, in Julie 1914, van *Ons Moedertaal* as orgaan van die Stellenbosse A.T.V., onder redaksie van prof. J. J. Smith, dr. T. B. Muller en G. C. Tomlinson. Dié blad was uitsluitend in Afrikaans gestel; en is dadelik na sy verskyning as offisiële orgaan van die Kaaplandse A.T.V. erken. 'n Tweede uiting was die byeenroeping van 'n A.T.V.-kongres, wat die laaste jare nie meer gehou was nie, in dieselfde maand op Stellenbosch (24—25 Julie 1914).

Dit was reeds te voorsien dat die voorstanders van Afrikaans, ná die eerste offisiële erkenning van die volkstaal, nie langer met sulke beskeie eise as by die aanvang van die beweging tevrede sou wees nie, maar dat hulle nou ook by die Kerk en die Staat en die Uniwersiteit sou aanklop om erkenning—te meer, omdat in hierdie tyd 'n geesdriftige groep propagandiste uit die geleedere van Jong Suid-Afrika prominent op die voorgrond begin tree het.

Dit het dadelik geblyk uit die gees van die besprekinge op bogenoemde kongres en uit die volgende eenstemmige besluite:

- (a) Die sinodes van die Hollandse kerke in Suïd-Afrika word in ernstige oorweging gegee om 'n Afrikaanse Bybelvertaling ter hand te neem.
- (b) Die aandag van die Ned. Geref. Kerk word gevestig op die wenslikheid om Afrikaans naas Nederlands te erken als offisiële taal van die kerk.
- (c) Onder die woord „Hollands” in art. 137 van die Unie-grondwet moet verstaan word Nederlands en

Afrikaans, en die Regering word versoek om stappe te neem om aan hierdie uitleg by die administrasie van die landsake prakties gevolg te gee.

- (d) Die Uniwersiteitsraad word versoek om kandidate toe te staan om hulle by alle eksamens desverkieende van Afrikaans te bedien by die beantwoording van die vrae.*

Terselfdertyd het die kongres deputasies benoem om hierdie besluite by die betrokke liggame voor te dra en te bepleit.

Die Stellenbosse kongresbesluite was oorsaak dat die taalstryd onmiddellik met hernude heftigheid opgevlam het, feller nog as in die eerste stadium van die beweging. Die gemoedere was alreeds ontstem deur die enigsin kwetsende toon wat *Ons Moedertaal* van die begin af aangestaan het. So het die redaksie b.v. in die eerste nommer van enkele Hollands-skrywende koerante gewaag as „verroeste remskoene”; en verder gesê dat „sommige predikante al moed begin te vat om hul plig teenoor hul gehoor na te kom, deur te preek (eweels Kristus gepreek het) in die eenvoudige, pittige, harttreffende taal van die volk, in plaas van hul diepste oortuigings te omsluit met die gelapte gordyn van ’n geykte, afgesaagde *amper-Nederlands*.”**

En nou nog sulke radikale eise op die koop toe—dit was te veel geveerg ineens! Dit het briewe gereent in die pers. Die „taalfanatisme” van sulke „revolutionaire taal dilettanten”, wat selfs die Bybel nie meer ontsien nie, moes gebreidel word. Wat sou daar oorbly van „onze oude, schone en geliefde Hollandse taal”, as ’n taal wat „door indiese en mozambiekse kindermeiden verbasterd en ontaard” is, nou ons skryftaal moet word? As Afrikaans ons moedertaal is, dan het ons net soveel moedertale as moeders, want elke moeder praat anders. Oorsetting in Afrikaans beteken die skending van die Bybel, omdat julle eie woorde dan die plek van Gods woord sal inneem; dit sal ontrend wees vir die Opperwese en aanstootlik vir die toehoorders om deur middel van *gy* en *jou* aangespreek te word, want *u* is nie Afrikaans nie! „Afrikaans als voertaal wil zeggen: weg met de Hollandse onderwijzers! Weg met de Hollandse Bijbel! Weg met de Hol-

(*) *Ons Moedertaal*, Aug. 1914, bls. 34.

(**) *Ons Moedertaal*, Julie 1914, bls. 1.

landse predikanten! Weg met de verwantschap met de Hollanders! De dood aan het Hollandse element in Zuid-Afrika!"* „Bezint eer ge begint," waarsku *De Unie*.** „Haast u toch langzaam!" is die meer besadigde raadgeving van prof. Ds Vos.*** Dit beteken: „Bly vinnig stilstaan!" antwoord die redaksie van *Ons Moederland*, „en so'n raad deug gaar nie vir 'n jeugdige Afrikanerdom, wat die lewe in elke polsslag voel en wat die toekoms entoesiasies tegemoet sien."****

Nog maandelank het hierdie polemiekie voortgewoed, en dikwels het albei partye hulle selfbeheersing kwytergeraak, wat nie juis bevorderlik was vir 'n saaklike en oortuigende gedagtewisseling nie. *Ons Moedertaal* het hom egter nie laat afskrik deur die opposisie nie. Met onverbeterlike optimisme en stryd lustigheid het dié blad links en regs kopskote uitgedeel, al was die polemiekie hier en daar soms 'n bietjie alte fei-sarkasties, soos blyk uit die volgende aanhalinge: „Dis natuurlik belaglik vir die A.T.V. om hom te weer teen die magtelose woede van tandlose, op die stert getrapte honde, wat onmusikaal tjank van agter die beskermende tralies van 'n naamlose koerantegeskrif. Die maan was aan die opkom. 'n Keffertjie wou die maan met syn geblaf terugjaag. Maar die maan gaat ongeërg syn gang." „Daar het 'n muishond van die spesies *Patrimonium Hollandicum* (sien „Ons Land", 28 Julie 1914), in ons kraal onlangs ingesluip. Om die ding aan te val kan onaangenaam word. Ons sal hom maar liewers met 'n tang opsy stoot."***** „Dit is jammer dat sommige jonge Afrikaners nog ly aan die nasionale piep. Dit sit onder hul tong en hul kan maar nie loskom van die gevoel nie, dat dit darem veel voornamer is om hul toehoorders en lesers met die draderige voosheid van 'n stokkerige amper-Nederlands te pynig, als om pront Afrikaans te gebruik."*****

Veral van belang was *Ons Moedertaal* se propaganda vir 'n Afrikaanse Bybel. In die Sept.-nommer bepleit Dr. B. B. Keet in 'n besadigde, maar klemmende betoog

(*) 'n Korrespondente in *De Volkstem*, 24 Julie. 1914.

(**) Aug. 1914.

(***) *Ons Land*, 23 Julie 1914.

(****) *Ons Land*, 25 Julie, 1914.

(*****) *Ons Moedertaal*, Aug. 1914, bls. 29.

(*****) *Ons Moedertaal*, Sept. 1914, bls. 60.

die noodsaaklikheid van 'n Afrikaanse Bybelvertaling, waarvan die slot lui: „Daardeur sal ons meewerk tot die kweking van meer waaragtige, meer innige godsdiens, terwyl ons taal die reinigende en verheffende invloed van die godsdiens sal ondervind en vir buitensporighede sal bewaard bly. En als ek dit seg, dan is dit nie om die godsdiens of die Bybel als propagandamiddel vir ons taal te gebruik nie, maar dit is 'n erkenning van die kragtige en suiwerende invloed, wat die Bybel oor alle tale laat blyk het. Ek kan my geen gesonder invloed oor die toekomstige bloei van ons taal voorstel nie, als juis die invloed wat die Bybel sal uitoefen. Daarom die hand aan die ploeg en nie omkyk nie, voordat ons doel bereik is.”

Die vooroordele teen Afrikaans as Bybel- en Kerктаal, hoe sterk ook, sou op die duur nie bestand blyk teen 'n steeds groeiende stroom in die Kerk self nie. Want in hierdie jare is dit juis 'n aantal jong teoloë wat 'n leidende aandeel het in die Afrikaanse Taalbeweging, en binne twee jaar sou die Kerk beseft dat dit nutteloos was om nog langer teenstand te bied.

In verband met die politieke verwickelinge kort ná die uitbreek van die Europese oorlog in Suid-Afrika ontstaan, is die uitgawe van *Ons Moedertaal* in Nov. 1914 tydelik gestaak. Van Aug. tot Des. 1915 het die blad weer verskyn, en in Mei 1916 is dit verenig met *Die Huisgenoot*.

In sy eerste nommer verklaar hierdie nuwe blad o.m.: „Ons doel is het mede te arbeiden aan de opbouw van ons nationaal leven. Meer en meer toch vestigt zich bij velen de overtuiging, dat ook het Afrikaanse volk alleen zijn roeping in de grote opmars der volkeren vervullen kan, wanneer het ontwikkelt een eigen kultuur, wanneer het spreekt een eigen taal, wanneer het op dat stuk aarde, dat de Voorzienigheid het onder Zijn diep-blauwe hemel schonk, vindt zijn eigen weg en eigen wijze van handelen Eigen karakter, eigen aanleg, eigen wijze van zien wens en wij te ontwikkelen. Wat van buiten komt, moet ons sterk vinden en opgaan in het Afrikaanse leven. Ons tijdschrift wil medehelpen om te handhaven en sterker te maken deze kracht van het Afrikaanse volk, om zichzelf te zijn. Ons streven zal het zijn te vertolken wat daar leeft en werkt in het Afrikaanse hoofd en hart, en weer te geven wat daar groeit en bloeit op het Afrikaanse veld.”

Onder die bekwame redaksie van prof. J. J. Smith (twee jaar lank met medewerking van wyle C. J. L. Ruysch van Dugteren), het *Die Huisgenoot* van die aanvang af 'n leidende rol gespeel in die taalbeweging, veral in Kaapland. Deur 'n gematigde en verstandige taalpolitiek, en deur sy kolomme oop te stel vir Hollands, het die blad ongetwyfeld veel daartoe bygedra om teenstanders te wen vir Afrikaans. Naas die algemene, verdienstelik geïllustreerde inhoud, wat daarop aangelê was om die blad soveel moontlik aan sy naam te laat beantwoord, het veral die rubriek „Taalvrae en Antwoorde” meegewerk om 'n wetenskaplik juister insig aangaande Afrikaans as taal te versprei.

* * * *

Uit voorgaande beknopte historiese oorsig* blyk dat die propaganda vir Afrikaans in die Suide vroeër begin het as in die Noorde, en dat dit vóór 1906 'n veel kalmer verloop gehad het as in die Noorde na Preller se optree in 1905. Maar toe die A.T.V. eenmaal gestig was, het die beweging hier dadelik 'n veel groter omvang gekry en ook veel meer tot stand georing as in die Noorde die geval was.

Met die finale kapitulasie van die Kaapse Kerk in die Sinodesitting van Nov. 1924, en die eenparige besluit van Volksraad en Senaat op 8 Mei 1925, waarby Afrikaans ook in die staatsdiens volledige erkenning verkry het, kan die Afrikaanse taalstryd as geëindig beskou word. En dis seker 'n merkwaardige en besonder gelukkige same-loop van omstandighede dat in dieselfde jaar ook die vyftigjarige stigtingsjubileum van die Genootskap van Regte Afrikaners kon gevier word. Daarom sal die jaar 1925 altyd aangemerkt word as een van die belangrikste mylpale in ons Afrikaanse kultuurgeskiedenis!

(*) Vir 'n breedvoeriger behandeling van die hele beweging word die leser verwys na die pasverskene derde druk van my *Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging* (1926.)



HOOFSTUK III.

DIE BYBELVERTALING IN DIE TWEDE AFRIKAANSE TAALBEWEGING.

Deur DS. C. W. M. DU TOIT (Bloemfontein.)

MET die dood van ds. S. J. du Toit in 1911 het die werk van die Afrikaanse Bybelvertaling bly steek. Die behoefte en die begeerte om die Bybel te hê in Afrikaans het egter nog steeds bestaan. Vandaar dat die saak nie kon doodloop nie, maar weer sou aangepak word.

Dit sou nie so dadelik weer kom tot aktiewe werksaamheid nie. Voor daar gebou kon word aan die mure wat sou verrys op die fondament wat die Genootskap van Regte Afrikaners gelê het, moes daar heelwat voorbereidende werk gedoen word.

Die ou Genootskap het feitlik opgehou om te bestaan as liggaam wat agter die werk van vertaling sit. Daar moes *weer 'n liggaam gevind word* wat die taak opneem.

Dan moes die *manne gevind* word wat die vertaalwerk gaan doen, en die *metode van werk* moes vasgestel word.

Oor elkeen van hierdie drie punte wil ek in kort iets meedeel.

WELKE LIGGAAM ONDERNEEM DIE BYBEL- VERTALING?

Die eerste roersel in die publiek was waarskynlik die lesing wat ds. (nou prof.) B. B. Keet D.D. gehou het oor *Die Bybel in Afrikaans* die 21 Aug., 1924 op Stellenbosch. Die plaaslike tak van die A.T.V. het 'n „ope” vergadering gehou waar die standpunt van die Vereniging op

skool- en kerkgebied verdedig is deur wyle dr. Tobie Muller, prof. J. J. Smith en dr. Keet. Eersgenoemde het daardie aand 'n lesing gehou oor *Volbloed versus Pieperige Nasionalisme*. Prof. Smith het gepraat oor *Ons Skooltaal*, en dr. Keet soos ek reeds aangegee het oor *Die Bybel in Afrikaans*.

Die A.T.V. het dus ongetwyfeld die draad weer opge- neem, maar hul het gevoel dat die A.T.V. self nie die lig- gaam is wat kan uitvoering gee aan hulle vurige wens om die Bybel in Afrikaans te kry nie. Daarom het hul dan ook by monde van dr. Keet duidelik verklaar van wie hul meen dat die werk moet uitgaan. Ek haal aan uit *Ons Moedertaal* van 15 Sept., 1914, waarin die lesing van dr. Keet gepubliseer is.

Oor die vraag aan wie die werk moet opgedra word, antwoord dr. Keet as volg: „Hier kan ek baie kort wees. Myns insiens behoort die corsetting van die Bybel uit te gaan van die Sinode van ons kerk; beter nog van die Sinodes van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika, omdat hulle almal één konfessionele grondslag het. Daardeur sal ons bewaar word vir tyds- en kragverspilling, wat seker sal plaasvind as daar verskeie vertalings beproef word deur partikuliere mense, of deur kommissies wat nie die gesag van die Sinode agter hulle het nie.” Hy verwys dan na die optrede van die Dordtse Sinode wat die manne aangewys het vir die State-Vertaling.

Opslag van hierdie skoot wat in Stellenbos afgeskiet is slaan in die binneland uit. Op die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat word op 25 Mei, 1916 die volgende besluit geneem op voorstel van ds. (nou dr.) N. J. van der Merwe, destyds predikant van Wepener:

“De Synode besluit tot het vertalen van de Bijbel in het Afrikaans en nodigt hiertoe de samenwerking van de Ned. Geref. Kerken in de andere Provincies, alsook van de Gereformeerde en Hervormde Kerken. Zij draagt dit werk op aan een speciale kommissie die in onderhandeling zal treden met de Synodale Kommissie van gemelde Kerken ten einde de kundigste en geschikste mannen voor dit werk te erlangen.”

Op die kerklike terrein het dus die Ned. Geref. Kerk van die Vrystaat die voortou geneem. Die kommissie aan wie die Sinode die uitvoering van sy besluit opgedra het, het ook nie gras onder sy voete laat groei nie. Op 9 Aug. van dieselfde jaar het hul vergader hier in Bloemfontein.

Di. H. Pienaar van Senekal en Joubert van Vredefort kon nie teenwoordig wees nie, maar di. J. D. Kestell, N. J. van der Merwe en C. D. Bam was teenwoordig op hierdie eerste vergadering. Ds. Kestell is gekies vir voorsitter en ds. van der Merwe vir sekretaris. Daar is o.m. besluit om twee afgevaardigdes te vra van die Kerke genoem in die Sinodale besluit, en die Breë Kommissie sal dan vergader op Bloemfontein op die 22ste Nov., nog van dieselfde jaar. Op daardie datum het eers weer die môre om 10 uur vergader die kommissie van die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat en dit blyk uit die behandelde korrespondensies dat die Sinodale Kommissie van die K.P. beskou dat dit „buite hul kompetensie lê” om iemand af te vaardig. Natal laat weet dat hul die saak liever oorlaat aan hul e.v. Sinode in April, 1917. Die skriba van die Sinodale Kommissie Ned. Geref. Kerk Transvaal laat weet dat hul ds. J. F. Naudè van Roodepoort afvaardig om die vergadering by te woon. En van ds. W. Postma is berig ontvang dat die Gereformeerde Kerk verteenwoordig sal word op die vergadering deur prof. dr. J. D. du Toit, prof. dr. F. Postma en ds. W. Postma.

Om elf uur daardie môre het toe die drie deputate van die Gereformeerde Kerk verskyn en is 'n gesamentlike vergadering gehou waarop besluite geneem is wat ek meedeel onder punte twee en drie. Ek wil hier net sê dat die werk offisiël begin het op daardie vergaderings wat op 22 November, 1916 gehou is op Bloemfontein, want daar is deur die Vrystaatse Kommissie reeds manne aangewys vir die werk van vertaling en ook die metode is bespreek.

Op 'n vergadering gehou 1 September, 1920 was daar behalwe afgevaardigdes van die Vrystaatse Sinode, ook verteenwoordigers van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal, van die Gereformeerde Kerk en ook van die Herv. Kerk, waaruit blyk dat die drie Hollandse Kerke in S.A. nou saamwerk om die ideaal van die Bybel in Afrikaans te verwesenlik.

Sedert dié tyd was daar 'n gereëelde samewerking tussen die drie Hollandse Kerke, en is daar verskeie vergaderings gehou op Bloemfontein van die gekombineerde kommissie

Die sake in verband met die vertaling het so uitgebrei dat die Breë Kommissie 'n Daaglikse Bestuur van drie

lede aangestel het op Bloemfontein, wat werk met die finansies en alle spoedeisende sake.

Die lede van die Breë Kommissie rapporteer van tyd tot tyd aan hul respektiewe Sinodes oor die vordering wat die werk maak, sodat die vertaling wat nou gemaak word offisiël in naam van die Hollandse Kerke van S.-Afrika geskied.

Ons het in Europa en in Amerika verskeie nuwe vertalings van die Bybel, maar dit is werk van partikuliere persone of liggame. Aangesien hier by ons die Bybel nou vertaal word deur manne offisiël deur die kerke daartoe aangewys, dra ons nuwe Afrikaanse vertaling 'n ander, n.l. 'n offisiële karakter, en verskil dus nie alleen van die genoemde vertalings in Europa en Amerika nie, maar selfs van die vertaling waar die ou Genootskap van Regte Afrikaners mee besig was.

DIE VERTALERS.

Onder die eerste Afrikaanse Taalbeweging was die eigenlike werk van vertaling opgedra net aan één man, n.l. ds. S. J. du Toit, wat wel die hulp van vrinde ingeroep het om sy vertaalde stukke saam met hom oor te gaan, maar tog alleen gestaan het as vertaler.

Nie alleen is die metode van vertaling nou verander nie, maar ook die werkers het vermeerder.

Op die kommissie-vergadering wat gehou is op Bloemfontein op 22 Nov. 1916, is reeds dadelik drie vertalers aangestel vir die O.T., n.l. prof. dr. J. D. du Toit, dr. T. B. Muller en dr. B. B. Keet. En drie vir die N.T. n.l. ds. (nou dr.) G. B. A. Gerdener, prof. dr. F. Postma en ds. (nou dr.) N. J. van der Merwe.

Daar is ook tegelyk sewe rewiseurs aangestel vir die O.T. en sewe vir die N.T., met hulle secundi.

Op 4 April het die aangestelde vertalers op Bloemfontein vergader en was almal teenwoordig behalwe dr. T. B. Muller, wat nie kon kom nie.

Op daardie vergadering is 'n brief ge lees van die Brits en Buitelands Bybelgenootskap waarin hul meedeel dat hul van harte die werk steun en die Bybel in Afrikaans sal uitgee sonder enige koste vir die Kerke in S.-Afrika. Hulle sal ook die vertalingskoste dra. Dit is besluit dat die sekretaris as verteenwoordiger van die B.B. Bybelgenootskap sitting sal hê op al die vergaderings van die

vertalers. Die vertalers het besluit om eers 'n tentatiewe vertaling te maak van Jona, Hosea en die Evangelie volgens Johannes wat privaat sal sirkuleer.

Hulle het egter verder gegaan en die hele Bybel onder mekaar verdeel vir vertaling, n.l. as volg:

Dr. Muller neem die Pentateug, Josua, Prediker, Hooglied en Daniël.

Dr. Keet neem Rigtere tot 2 Kron., Spreuke en Esegiël.

Dr. du Toit neem Esra tot Psalms, Jesaia, Jeremia, Klaagliedere en Hosea tot Maleägie behalwe Jona en Hosea.

Ds. N. J. van der Merwe neem die Sinoptisie en Handeling.

Prof. Postma neem die Briewe van Poulus en die Brief aan die Hebreërs.

Ds. Gerdener neem die Algemene Sendbriewe en Openbaring.

Van die begin af het dr. J. D. du Toit ageer as voorsitter van hierdie kommissie van vertalers, en dr. N. J. van der Merwe as sekretaris.

Die Kommissie het weer vergader in Bloemfontein op 2 en 3 Julie 1916 toe hulle die voorlopige vertaling van Hosea, Jona en die Johannes - Evangelie bespreek het. Daar is baie twyfelagtige puntjies bespreek en besluit om 100 afdrukke te laat maak van die vertaalde boeke, en dit te laat sirkuleer by die rewiseurs, vertalers en ander belangstellende vrinde, met die versoek dat die kopieë teruggestuur word met aanmerkings aan die sekretaris. Die B.B. Bybelgenootskap dra die koste van die 100 afdrukke en die reis- en verblyf-koste van die vertalers met die vergaderings.

Die volgende vergadering is gehou in Kaapstad op 16 Jan., en volgende dae, 1918 toe al die vertalers weer teenwoordig was behalwe ds. Gerdener, van wie daar 'n brief van bedanking was as vertaler om gesondheidsredes. Die vergadering is ook bygewoon deur prof. J. J. Smith en adv. J. H. H. de Waal. Baie dubieuse puntjies in verband met die spelling en segswyses word bespreek en vasgestel. Die kommissie besluit ook om nie 'n ander vertaler in die plek van ds. Gerdener aan te stel nie, maar dat die vertalers van die N.T. sy werk onder hulle sal verdeel.

Die getal van die vertalers sou egter nog kleiner word deur omstandighede waar hulle geen beheer oor het nie.

Toe hulle op 7 Julie, 1919 weer vergader op Bloemfontein moes die vier lede wat teenwoordig was, die dood betreur van hul kollega, dr. T. B. Muller wat aan die Griep beswyk het in 1918. Op hierdie vergadering is ook besluit om die Psalms en die vier Evangelies uit te gee. Om die werk te bespoedig sal dr. Keet Lukas vertaal, prof. Postma vertaal Markus en dr. v. d. Merwe vertaal Mattëus. Op hierdie vergadering gee ds. van der Merwe kennis dat hy binnekort vertrek na Europa vir verdere studie. Dan sal daar net drie van die oorspronklike vertalers oorbly.

Op 'n vergadering van die Kommissie vir die Bybelvertaling word op 26 Mei, 1920 op 'n wenk van die vertalers die kommissie van vertalers nou as volg saamgestel deur die nodige aanvullings:-

Vir die O.T.—Prof. dr. J. D. du Toit, prof. dr. B. B. Keet, prof. dr. E. E. van Rooyen en iemand uit die Herv. Kerk van Transvaal en ds. W. J. W. Naudè is secundus.

Vir die N.T.—Prof. dr. F. Postma, ds. J. P. H. Steyn, ds. J. F. Naudè en ds. C. F. Kies.

Op 20 Julie, 1920 kom die vertalers nou bymekaar. Hulle beveel aan dat ds. W. J. W. Naudè as vertaler geplaas word op die lys vir die O.T. i.p.v. sekundus, en dat ds. C. F. Kies ook vir die O.T. gebruik word omdat reeds veel van die Nuwe Testament vertaal is. Ds. C. F. Kies tree ook voortaan op as sekretaris van die kommissie van vertalers, in die plek van ds. N. J. van der Merwe wat vertrek het na Europa.

Die werk word nou weer verdeel as volg:

Ds. C. F. Kies die Pentateug en Prediker.

Dr. J. D. du Toit Psalms, Job, Esra, Ester, Jesaia, Jeremia en Klaagliedere.

Dr. B. B. Keet Rigtere, 1 en 2 Samuël, Spreuke en Esegïel.

Dr. E. E. van Rooyen Josua en die Kleinere Profete.

Ds. H. C. M. Fourie Hooglied, 1 en 2 Koninge en Daniël.

Ds. W. J. W. Naudè 1 en 2 Kronieke, Nehemia en Rut.

Dr. F. Postma die Briewe van Poulus.

Ds. J. P. S. Steyn die Evangelie volgens Johannes, Handeling van die Apostels.

Ds. J. F. Naudè algemene sendbriewe en Openbaringe.

Op 'n vergadering gehou 17 Oktober, 1922 van die gesamentlike kommissie vir die Bybelvertaling rapporteer ds. H. P. M. Steyn, sekretaris van die B.B.B. dat hy 13,000 eksemplare laat druk het van die Psalms en vier Evangelies.

Dr. E. E. van Rooyen het bedank as vertaler, en die Kaapse Kommissie word gevra om 'n ander aanstelling te doen in sy plek. Ook ds. H. C. M. Fourie het bedank, en dr. H. D. van Broekhuizen word in sy plek benoem.

Op hierdie vergadering word egter 'n belangrike saak bespreek, n.l. die voorstel van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S., 1922 wat as volg lui: „Die Sinode voel baie sterk die noodsaaklikheid om so spoedig moontlik die Afrikaanse Bybelvertaling gereed te hê, en wil die aanbeveling goedkeur, dat persone spesiaal afgesonder word om hierdie werk so spoedig en deeglik moontlik af te doen. Die Sinode laat die uitvoering hiervan in hande van die Kommissie vir die Bybelvertaling van die Gereformeerde Kerke, en gee aan die hand dat die gemelde Kommissie 'n beroep sal doen op die publiek vir die nodige fondse.”

Met hierdie besluit het die Vrystaatse Sinode ook weer 'n kragtige stap voorwaarts gedoen. Die Kommissie het die voordeel goed bespreek maar kon nog nie tot uitvoering oorgaan nie. Intendeel het hulle gemeen dat dit prakties onuitvoerbaar is met die oog op die finansies. Die voorsitter, prof. Kestell het o.a. meegedeel dat „'n oproep deur hom in die pers gedoen vir fondse vir die saak het één pond ses sielings en drie pennies opgebring”. Die Kommissie besluit toe dat die vertalers wat pas weer aangewys is, sal aangaan met die werk en dit beëindig by die end van 1924. „Om hierdie werk klaar te maak, sal die voorsitter en sekretaris van die Kommissie 'n skrywe rig aan die betrokke liggeme, in wie se diens die betrokke vertalers hulle bevind, om vrylating te vra van hulle diens vir 'n sekere tyd om die werk te voltooi.”

Op 10 Julie, 1923 vergader die Kommissie vir die vertaling weer op Bloemfontein en die vertalers rapporteer dat hulle gevorder het as volg: Ds. Kies, dat hy klaar het met Genesis, Eksodus, Levietikus, helfte van Numerie en Prediker; Prof. Postma, dat hy klaar het met die briewe van Poulus; prof. Keet met Rigtere; ds. W. J.

W. Naudè die helfte van Kronieke; ds. J. F. Naudè met die sendbrief van Jakobus; ds. Steyn is besig met Handeling en dr. du Toit het na die Psalms nie verder gewerk nie.

Op hierdie vergadering word egter nou die volgende belangrike voorstel aangeneem: „(1) Daar sal twee endvertalers aangestel word vir die hele Bybel. By hulle sal die endbeslissing lê na raadpleging met die kerklike re-wiseurs. (2) Die reeds aangestelde vertalers sal met hul werk aangaan en so gou moontlik die vertaalde gedeeltes aan die endvertalers stuur”. Op die vergadering is toe benoem as endvertalers prof. dr. J. D. du Toit en prof. dr. B. B. Keet. Albei die hooglerare neem die benoeming met dank aan, mits hulle kan verlof kry van hul professorale werk.

Nog die end van dieselfde jaar n.l. 20 Desember, 1923 vergader die Kommissie weer op Bloemfontein om te oorweeg wat hul moet doen, aangesien dr. B. B. Keet bedank het as endvertaler omdat hy nie heeltemal kan losgemaak word van sy professorale arbeid op Stellenbos nie. In sy plek is toe benoem prof. ds. J. D. Kestell van Bloemfontein.

Op die volgende vergadering wat gehou is die 7de Augustus, 1924 het die Kommissie verder gegaan en nog twee endvertalers benoem. Hulle het weer vir dr. B. B. Keet benoem, en ook vir dr. H. C. M. Fourie van die Hervormde Kerk van Johannesburg. Toe die Kommissie weer vergader op 16 Junie, 1925 blyk dit dat dr. Keet weer bedank het, maar dr. H. C. M. Fourie is teenwoordig as endvertaler. As vierde endvertaler in die plek van dr. Keet word nou benoem prof. dr. E. E. van Rooyen van die Teologiese Kweekskool, Stellenbos. Prof. van Rooyen het eers net onderneem om die twaalf kleinere profete te vertaal, maar eindelijk op die vergadering wat gehou is 17 Maart, 1926, op Bloemfontein ingestem om as endvertaler op te tree.

Daar is dus nou vier vertalers besig, n.l. prof. dr. J. D. du Toit, dr. H. C. M. Fourie en prof. dr. E. E. van Rooyen met die O.T. en prof. J. D. Kestell met die N.T.

Die N.T. is feitlik klaar vertaal, hoewel daar nog veel werk aan is met die rewiesie. Die vertalers van die O.T. meen dat hulle moontlik met die vertaling self kan klaar wees teen die helfte van 1927.

DIE METODE VAN WERK.

In sy toespraak op Stellenbos 21 Augustus, 1914, het dr. Keet bepleit „geen splinternuwe vertaling uit die oorspronklike tale nie, maar 'n Afrikaanse lesing van ons Hollandse Statevertaling.” Ook dr. J. D. du Toit het in *Die Kerkblad* van die Gereformeerde Kerk dieselfde standpunt bepleit en op die vergadering wat gehou is op Bloemfontein op 22 November, 1916 is dan ook na aanleiding van daardie Kerkbladartikels die volgende voorstel aangeneem: „Die Statevertaling word geneem soos hy is, en oorgesit in Afrikaans met noukeurige raadpleging van die grondteks met die oog op verduideliking in kanttekings.” Op 'n vergadering van vertalers gehou 20 Julie, 1920 is hierdie beginsel weer bekragtig en hulle verklaar: „Die Statevertaling word as fondament geneem van die Afrikaanse vertaling. . . . Die doel is 'n Afrikaanse oorsetting van die oue State-Bybel, en nie om 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die grondteks te bewerk nie.”

So is die werk dan ook begin onder die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, en in hierdie opsig was daar 'n radikale afwyking van die werkmethode van die Eerste Beweging.

Gaande weg het dit geblyk dat die pad wat die Eerste Afrikaanse Taalbeweging ingeslaan het tog die beste sal wees. Veral het die betrokke Kommissie uit die drie Hollandse Kerke en die vertalers self tot die insig gekom om liewers uit die grondteks te vertaal ná daar sprake was van, en daar ook werklik aangestel is die s.g. endvertalers.

Inderdaad word dan ook vandag uit Hebreeus en Grieks vertaal.

Wat die teks betref volg die vertalers die Massoretiese vir die O.T. en die Textus Receptus vir die N.T., d.w.s. hulle gebruik die grondteks wat gebruik is vir die Statevertaling.

Hierdie metode verlos die vertalers van heelwat tekskrietiese moeilikhede, maar bind hul dan weer aan 'n teks wat soms groot hoofbrekings gee om oor te sit.

Die vier vertalers werk elkeen op sy eie woonplek, maar kom af en toe saam om te praat oor hul werk.

Om die vertalers te help met taalmoeilikhede in Afrikaans, bestaan daar samewerking tussen die vertalers.

en die Afrikaanse Akademie in dié sin dat vier lede van die Akademie, n.l. prof. dr. D. F. Malherbe van Bloemfontein, prof. dr. S. P. E. Bošhoff van Potchefstroom, prof. J. J. Smith van Stellenbos en prof. dr. T. H. le Roux van Pretoria optree as taal-adviseurs. Hierdie manne vergader saam met die vertalers wanneer dit nodig is om samesprekings te hou oor taalkwessies, en hul sal ook enkele boeke van die O. en N.T. oorlees en dan hul op en aanmerkings stuur en bespreek met die vertalers. Hulle sal 'n poëtiese, 'n geskiedkundige en 'n profetiese boek neem uit die O.T., en 'n Evangelie, 'n sendbrief en Openbaringe lees uit die N.T.

Dit sal dan ook seker help om des te meer die vertroue van die volk te sterk in die Afrikaanse Bybelvertaling, as die publiek verneem dat hierdie professore van Afrikaans hulle medewerking sover moontlik verleen het aan die werk.

Wat die N.T. betref wat nou byna klaar is, is besluit op die jongste vergadering op Bloemfontein op 17 Maart 1926 dat prof. B. B. Keet van Stellenbos saam met prof. Kestell die vertaling sal oorgaan. En waar die vertalers van die O.T. met baie moeilike kwessies in die vertaling te doen kry, is besluit dat 'n man soos prof. van Gelderen van Amsterdam, wat reeds 'n kwart eeu besig is met Hebreeus, na Suid-Afrika sal kom vir 'n maand of ses om op te tree as tegniese adviseur.

Die manuskripte van die vertalers gaan almal na mnr. L. J. du Plessis, M.A., lektor aan die Potchefstroomse Universiteitskollege, wat hulle oortik en behoorlik koördineer.

Daar is manne aangestel uit die drie Hollandse Kerke wat sal optree as rewiseurs. Hulle is volgens besluit van die Breë Kommissie, 16 Junie, 1925 as volg saamgestel:

Vir die Pentateug: Ds. C. F. Kies, Dr. C. J. H. de Wet,
Dr. J. D. Keet.

Vir die Historiese Boeke: Dr. H. Lamprecht, Dr. S. H. Rossouw, Dr. W. J. W. Naudé en Ds. J. I. de Wet.

Vir die Profetiese Boeke: Dr. Dwight Snyman, Dr. S. P. Engelbrecht en Dr. H. S. Pretorius.

Vir die Poëtiese Boeke: Ds. Stockenstroom (Bethulie)
Ds. D. Postma en Ds. J. J. Kuhn.

Vir die 4 Evangelies en Handeling: Dr. H. D. van Broekhuizen, Dr. F. Postma, prof. J. du Plessis (Stellenbos), en Ds. J. P. H. Steyn.

Vir Romeine tot Titus: Dr. B. B. Keet, Prof. J. A. du Plessis (Potchefstroom), Prof. Greyvensteyn (Pretoria), en Dr. G. B. A. Gerdener (wat bedank het).

Vir Hebreë tot Openbaringe: Ds. H. F. Schoon, Dr. N. J. van der Merwe en Dr. P. J. S. de Klerk.

Na hierdie rewiseurs die vertaalde stukke nagesien het, kom dit terug na die vertalers by wie die finale redaksie sal berus.

Wat die finansies betref is daar 'n penningmeester, nl. mnr. H. J. Otto van Bloemfontein wat saam met die predikant van die Ned. Geref. Kerk, Bloemfontein, tans Ds. P. Boshoff en die predikant van die Geref. Kerk, Bloemfontein, tans Ds. C. W. M. du Toit, die Daaglikse Bestuur vorm. Hierdie Bestuur handel met die finansies en alle spoedeisende sake, en doen verslag aan die Breë Kommissie. Die finansies kom uit kerklike kollektes. Die verskillende Sinodes in Suid-Afrika van die drie Hollandse Kerke het almal aanbeveel dat kollektes vir hierdie doel afgestaan word. Maar waar die laste altyd swaarder geword het namate daar meer vertalers afgesonder is wat hulle hele tyd of die grootste deel van hul tyd aan hierdie werk gee, en hierdie manne gesalariëer word deur die Breë Kommissie, het die Daaglikse Bestuur begin met 'n beroep te doen op die publiek en bydraes gevra vir 'n £5-skema. Die Helpmekaar van die O.V.S. en van die K.P. het n.l. op inisiatief van dr. N. J. van der Merwe elk £100 gegee as die Bestuur nog 1,000 persone of liggame kan kry wat elk £5 gee. Daar het nou reeds sowat 500 bydrae gekom, en dit lyk of die skema 'n sukses sal wees. Tot op die jongste vergadering van 17 Maart, 1926 is reeds deur die Breë Kommissie uitgegee aan die werk £4,141 : 8 : 8, behalwe iets oor die £300 wat die Brits en Buitelandse Bybelgenootskap vroeër al spandeer het, n.l. tot op 17 Oktober, 1922.

Daar sal nog heelwat gepaard gaan met die werk voor dit finaal afgedoen is, maar hoewel daar geen Regeringssteun kan verkry word nie, soos destyds by die Statevertaling, toe die Nederlandse Regering ongeveer £10,000 spandeer het aan ons Hollandse Bybel, tog lyk dit asof

die Kerke en die publiek in Suid-Afrika die nodige fondse nog verder sal voorsien.

Met die uitgee van die Afrikaanse Bybel sal daar waarskynlik geen moeilikheid wees nie. Die B.B. Bybelgenootskap is gereed om die uitgawe op hulle te neem.

Dat ons volk die Bybel in Afrikaans wil hê blyk uit die feit dat die 13,000 kopieë van die Psalms en 4 Evangelies baie gou uitverkoop was, en daar selfs 'n tweede oplaag van gedruk is.

Daardie tentatiewe uitgaaf van die Psalms en Evangelies was nog „te onafrikaans”, volgens uitspraak van 'n vergadering van vertalers op Bloemfontein gehou 10 Julie, 1923. Dit was nog 'n vertaling uit die Hollands, en nie soos nou uit die oorspronklike tale nie. Daar was baie inkonsekwensies in, en die vertalers het nog hul weg gevoel.

Wat sal dit nie 'n geskiedkundige dag wees vir ons volk en Kerke nie, as die nuwe geëutoriseerde vertaling, wat nou so deeglik verrig word op ons kansels en in ons huise sal lê en sal geles word nie!

Mag dié dag spoedig aanbreek is die bede veral van Jong Suid-Afrika.

—o0o—



HOOFSTUK IV.

DIE JONGER GENERASIE IN ONS DIGKUNS.

Deur Dr. J. R. L. VAN BRUGGEN.

DIT mag eienaardig klink dat ons in ons piepjong letterkunde alreeds spreek van 'n vooroorlogse periode, 'n Renesansbeweging, en nou van 'n jonger generasie. As ons egter beseef dat ons volk in 'n vyftigtal jare kultureel die reusagtige sprong moes maak van 'n suiwer landelike tot 'n ekonomies-industriële gemeenskap, dan word bostaande indelings geregverdig.

Die vooroorlogse periode in ons letterkunde weerspieël die kultuurtoestand van 'n pragmaties-dinkende volk. Propagandawerk was die leus van die leiers en 'n nugtere utiliteitsgevoel die lewensbeskouing van die gemeenskap. Propaganda en nuttigheid is twee lewensverskynsels wat nooit aan waaragtige kuns eie kan wees nie, omdat hulle gebore is uit die beredenering van die verstand. Daarom kan die vooroorlogse beweging geen aanspraak op kuns maak nie. Beskou ons egter die tydperk kultuurhistories, dan sien ons, die letterkundige noodsaaklikheid daarvan, en voel ons groot bewondering vir die vastrap-leiers, wat in hulle leiding die volkssiel se goed verstaan het.

'n Nasie word gelouter deur smart. Die swaar beproewing van ons volk, wat wie-weet-wanneer-al begin het, het die volkssiel gestaal. Maar oë kon nog altyd noordwaarts kyk vir 'n praktiese, daadwerklike oplossing

van tydelike probleme. Na die groot Anglo-Boere-oorlog was alles egter anders. Ons was skaakmat. Paartjies het omgespring en uitgespat Argentienië toe en elders, maar die volk moes bly waar dit was. En toe het eers in werklikheid die groot probleem van ons volksbestaan begin. Toe is die staal van ons volksiel op die proef gestel. Sou ons as landelike gemeenskap ons kan aanpas by die absoluut vyandige, ekonomies-industriële tydgees er. tog ons volkseie, sy dit dan in gewysigde vorm, kan behou? Welke tragiese naslepe sou so'n aanpassingsproses moes baar? Onder ons arm-blankes kom ons nou reeds in daaglikse aanraking met karakters wat 'n kwart eeu gelede waardige burgers was, en wat weens omstandighede, wat die vrug was van gebrek aan aanpassingsvermoë, 'n maatskaplike las geword het. Dis veral daardie heroïese tragiek, wat veral so tragies is, omdat die lyer veelal onbewus is van die oorsake van sy ondergang, dis daardie tragedie wat die jonger generasie dikwels prikkel tot rebelliekrete, angstig laat soek, en hopeloos laat verlang. Hoewel Celliers, Totius en Leipoldt die leiers van die Renesans-beweging in ons Letterkunde, in hul later uitgawes orals getuig dat hulle die swaar voel wat nog voorlê, is hierdie probleem tog tiepieseie aan die jonger digters. Ons verwag natuurlik nie dat hulle die geweldige omvang daarvan nou al sal omvat nie. Dit kan alleen met rypheid en ervaring kom. Ook is daar onder hulle wat nog doodgerus sing van eie lief en leed en so nou en dan snuffel in die verlede vir sangstof. Maar dat hierdie probleem, wat slegs die voorloper is van 'n heroïese bestaansworsteling, een van die grootste boustowwe sal wees van ons digkuns in die toekoms, is vir ons seker.

Maar ons hardloop vooruit. Soos die seun famielie-eienskappe erf van sy ouers en van sy voorouers, so ook het ons jong digters geërwe van die letterkunde van die verlede. Deur 'n selfstandige kind is hierdie ouerlike erfporisie egter opgeneem en verwerk, en in een opsig veral, is 'n belangrike beëgging gemaak vir die toekomstige boedel. En hierdie belangrike beëgging is — liefde, jong liefde!

Laat ons nou in hierdie kort bestek die knope wat die jonger digters bind aan die verlede na ons vermoë ontwar, laat ons daardeur voel dat ons letterkunde 'n stroom is wat stadig en onseker uit vleie en moerasse uitsyfer, tot

die verspreide watermassa opgegaar word in een bedding, wat skielik 'n steilte afbruis, spoel en spat oor klippers en teen kranse, klaterend jubel tussen pasontdekte lenteboord van eie gewasse, en dan sukkel-sukkel 'n uitweg soek see-toe, waar al die strome van die wêreld deel word van 'n ewig-wisselende, ewig-dieselfde eenheid.—

Die oorlog het ons digters siende gemaak. Die simbool van ons vroeër vryheid moes ons by Vereeniging begrawe; die roer, wat in die verlede saam met die Boek, ons bestaan moontlik gemaak het, moes ons afgee. En saans het die winde oor vlaktes kom huil, soos stemme van lydende vroue en sterwende kinders in konsentrasiekampe. Die volksiel was lamgeslaan! Daar was g'n toekoms nie. Daar was geen hoop nie. Maar stadig het die felle ontroeringe vorm begin kry in die harte van ons digters. Dit was in Switserland, tussen beklemmende bergreekse dat Jan Celliers onweerstaanbaar *moes* uiting gee aan die mistieke bekoring van die vlakte, wat hy in 1895 reeds diep aangevoel het. Met heerlike oortuiging het hy ons uitgestrekte bultewêreld en breë vlaktes gevoel as ons *eie*, geblaker deur ons *eie*, sengende somerson, gelaaf deur ons *eie* spoelende reënval, en snags omsirkel deur ons *eie* suidelike sterrehemel! Voorwaar 'n ontdekking! Ons voorouers het geleef en gestreef op dieselfde vlaktes en onder dieselfde son en sterrehemel en plase uitgemeet, bakens geplant en damme uitgekeer. Maar die onvervreembare skoonheid van hul eie goed het hulle slegs half bewus gevoel. Die os, die tent, die wa, die vaal ou Karoland was vir hulle nuttige dinge. Die oorlog het Celliers, Leipoldt en Totius laat sien en besef. en deur hulle veral het die oë van die jonger generasie ook oopgegaan. Die besef van die waarde van ons eie goed gee aan die digkuns van die jonger geslag sy tiepies Afrikaanse kleur, en dis opmerklik dat hoewel Keet, Wassenaar, Visser en van Bruggen in die buitenland gestudeer het, hoewel ons dikwels internasionale ideë in hulle verse uitgebeeld sien, behou die gedigte tog 'n ietsie wat die atmosfeer daarvan Afrikaans maak, al sing hulle tussen weilande of Skotse mere.

In sy voorwoord van die Vlakte-bundel skrywe Preller: „Voordat dië digkuns van 'n nasie so hoog opgeskiet is, bokant die stille luytes van eie land-leegtes en koppe uit, dat 't meedein in die ruimere kunskoers van 'n wyere wêreld-beweging, warrel 't nog saam met ontwikkelings-

gang sowel as lotswisseling van die nasie. Is die nasionale ontwikkeling self eenmaal bokant die omgewende topografie uit, dan bloei of kwyn die nasionale poësie in simpatie alleen met die opkoms of verval van die nasie." Dit spreek vanself dat, behalwe die heerlike ontdekking van ons nasionale eie goed, die oorlog en die tragiek van die konsentrasiekampe die boustowwe, sou word van die digkuns van Celliers, Totius en Leipoldt. Hulle moes saamwarrel met die ontwikkelingsgang van die nasie. Maar vir die jonger generasie, oor die algemeen, het die verlede geskiedenis geword, net soos die ontdekking van die waarde van ons eie goed geskiedenis geword het. Optimisme is 'n kenmerk van gesonde jeug en dis opmerklik dat die jonger generasie die tragiese van die verlede selde somber besing. Hulle besef dat die koringkorrel *moes* sterwe om lewe voort te bring; dat ons kragtige volksiel uit die verlies van ons land en ons vryheid 'n groot oorwinning gedwing het; dat ons geestelike emansipasie meer vir die behoud van ons volkseie beteken, as die behoud van 'n tasbare tuiste. Want 'n volksiel sal bly lewe, soos die Griekse en Romeinse volksiel nou nog met ons spreek, al gaan later geslagte stoflik ten gronde. En daarom triomfeer in Wassenaar se „Die Dood van Pres. Steyn”, die heerlike oortuiging:

„Toe lui maar, o, noodslot, die doods-klok,
 Toe, graaf maar 'n diepe graf.
Jy ontroof ons tog nimmer ons hoop nê,
 Sy gees neem jy nooit van ons af.”

Daarom kan van Bruggen in die tragiese dood van Gen. de la Rey alleen „die stralende pyn” van jong Suid-Afrika sien en voel dat:

„Daar was 'n stem van lewe in die dood,
 My hart was somber, maar my hart was groot.”

Daarom ook laat Visser, soos Virgilius vanouds, sy „appelblou skimmel met spierwitte maanhaar”, dreungalop oor ons Vlakte, en daarom weergalm in v. d. Heever se Ritrympie die jeugdige oormoed van 'n:

„Die koeëls die blits dat die klippe so brand
 Hoera! vir die reuk van 'n roer.”

Hierdie kerngesonde optimistiese aanvoeling van 'n tragiese verlede is 'n natuurlike uiting van die jonger geslag en is 'n karakterestiek van ons volksaard. Dis

egter nie iets nuuts nie. Celliers, ons opbeuringsdigter, wat meer as enige ander figuur in ons letterkunde die geestelike vader van jong Suid-Afrika is, kon al so tussen die gebulder van kanonne en geknetter van kleingeweer sy ewig-jonge lied „Komaan!” jubel, en hoewel hy in „Opbeuringslied” die swaar wat voorlê besef, kan hy tog hoopvol sing:

„O, neergeboë harte,
beur op uit rou en smarte,
kyk, môreglans,
verlig die trans,
dit daag al oweral!

Daar's nog gevaar en lye,
en nog 'n stryd te strye,
en tog aanskou,
dit daag reeds nou
en oweral.” (Die Lewenstuin.)

Ook Leipoldt besef diepin dat ons die drumpel oor moet „al breek ons dood”, hoewel ons in hierdie digter die rots-vaste oortuiging in die toekoms van ons nasie mis, wat ons by Celliers orals aantref. En Totius, selfs ons weemoedsdigter, wat altemit die skrypende leed van ons konsentrasiekampe dieper en inniger deurvoel het as enigeen van die ouer digters, selfs Totius kan hoop skep omdat hy in sy „Rachel”, die al-lydensmoeder, die potensiële baarder van jong Suid-Afrika sien, en, hoewel in kerkhowe ry aan ry die graftes 'n stil en tragiese getuënis aflê, kan hy tog sing:

„Ons wye land word weer bewoon.
Die lug is vol kindergerug!”

Terwyl sterwende Oom Gert in sy Trekkerswee, vol patriargale erns profeteer:

„Maar eens herleef die nasie weer
Waarvan ek sterwend profeteer.
Eens word die gryse heuwels klein,
As God alleen weer groot sal syn!”

Die jonger generasie dus het net in hierdie opsig uiting gegee aan 'n raseie karaktertrek en voortgebou op wat die ouer digters, temidde van hul onmiddellike smart, bitterheid en weemoed orals deurvoel het.

Dit spreek natuurlik vanself dat die tragiek van die

verlede nie deur alger onder die jonger generasie hoopvol besing is nie. Die jong „Grübler” Kamp, soek in sy ingebeeelde en werklike Weltschmerz by voorkeur die somberheid op, en daarom kry ons in sy bundel *Oorwinning* selde ’n optimistiese uiting. ’n Jong soekende siel is so besig met sy eie probleme van die botsing tussen ’n sondige wêreld en ’n siel wat verlang na skoonheid, dat dit ook maar bra min geleentheid kry om deur die verlede ontroer te word. Ook Dirk Mostert is oor die algemeen te verknog aan die verlede om dit in ’n breë perspektief te sien, en omdat sy uitinge die warmte van ’n persoonlike ervaring mis, is hul dikwels kleurloos en dreig om oor te hel tot ’n konvensionele beskouing en uiting van die verlede, wat weer ’n voorloper van opgeskroefde, brallende „vaderlandsliewende” gedigte kan word, wat ons b.v. in die 19de eeu in Holland aantref. Keet se gedigte „Van Volk en Vaderland” is ook verse, wat meestal net stof opskop en nie oortuig nie, omdat ons orals die werklikheid, wat die skeppinge van Celliers laat klink soos trompetgeskal, mis.

Dit skyn dus of by die jonger digters soos Visser, v. d. Heever, Wassenaar en van Bruggen, die beskouing van die verlede ’n gesonde, eg-nasionale koers gevind het. Namate egter ons volksiel kultureel ontwikkel, na die mate sal ook „oorlogsverse” al hoe dowwer klink, tot die tyd ryp word vir die objektiewe beskouing van die verlede, waaruit die nasionale epos kan gebore word, ’n genre waarin ons Leipoldt as vader sal erken. (Sien Dingaansdag en Uit Drie Wêrelddele.)

Dis vanselfsprekend dat Liefde met sy kleur en geur, sy soet verlangste en felle hartstog, sy innige beskerming en beminlike selfsug, deur die harte van jong Suid-Afrika groot ontroeringe moes laat huiwer. Dis nie ’n groot sprong van vaderlike vermanings soos: „Pas altyd vir ’n vroumens op” van oud. Pres. Reitz, na Celliers se „Snaakse Vryery” nie. Die objektief-beskouende element, die herinneringsglimlag oor tye wat was, is egter vreemd aan die erotiek van die jonger geslag. Dit kan ook nie anders nie. Vir die jeug is liefde ’n onmiddellike bekoring, die bewuswording van die skoonheid van die seksinstink, en as daar herinnerings kom, is warm primêre gevoelens en weemoedige verlangens die draers van die gedagtes. Toe die ouer generasie vorm gegee het aan hul ontroerings, was daar geweldig-groot maatskaplike om-

wentelinge, wat die volksiel geteister het, en die ontroerings daaruit gebore was sterk genoeg om geslagsliefde tydelik te verdring. 'n Groter en selfsugtiger liefde het gedagtes en gevoelens van die persoonlike na die maatskaplike gevoer. Tog sien ons dat Celliers b.v. in Amor's Konfetti, Totius in sy eienaardige persoonlike belydenis oor *Liefde in Rachel*, en Leipoldt veral in sy agtal diepgevoelde sonnette in *Uit Drie Wêrelddele*, nog nie die sobere rusplek bereik het nie, wanneer liefde alleen nog herinnering word. Wanneer, trouens, breek die tyd vir die digter aan? Die grysaard Vondel, kon Adam en Eva se eerste liefde laat gloei vanuit sy ou gebreekte vaderhart, en sy verse laat ons dikwels dink dat dit 'n wyse seun is wat sing. Hoewel ons, selfs in die liefdesrubriek 'n definitiewe aanknopingspunt sien, wat die jonger geslag 'n voortsetting maak van die oueres, het die téenswoordige generasie tog 'n belangrike bydrae gelewer vir ons literatuurskat en orals aanwysinge gegee van hoe die genre in die nabye toekoms hoogswaarskynlik sal ontwikkel.

Vir ons is Langenhoven die vader van die warm persoonlike liefdesuitinge, wat die verse van ons jonger digters dikwels so skoon maak. Om hierdie bewering te staaf moet ons 'n sielkundige sypaadjie inslaan. Na die ontdekking van Freud, Jung, Brill, e.a., in verband met ons onbewuste sielelewe, kan ons veel inniger as vroeër in aanraking kom met geheimsinnige gevoelens, wat die stukrag word van die kunstenaar se skeppinge. Freud het die interessante ontdekking gemaak, dat die vroeë dood van die moeder 'n groot invloed uitoefen op die verder ontwikkeling van die kind. Die eerste heeltemal onbewuste gevoelens teenoor die ander geslag kan nie natuurlik gesublimeer word nie. Die verdringing van onbewuste gevoelsprosesse, wat die gevolg hiervan is, vorm kragtige komplekse, wat later, by 'n kunstenaar veral, die draer kan word van hartstogtelike liefdesliriek, van onnoembaar verlange, van die ontsettende onrus, wat op sy ergste kan oorslaan tot patologiese afwykings, en op sy beste hom openbaar in eksentrisiteit. As ons die lewe van kunstenaars nagaan sien ons b.v. dat Wm. Cooper op ryp ouderdom 'n innige liefdesgedig wy aan sy vroeggestorwe moeder. (On the Receipt of my Mother's Picture), en tref dit ons dat hierdie digter 'n voorliefde gehad het vir platoniese verhoudings met ou dames, (vgl.

Mary Unwin). Veel van die buitensporige erotiek van Bilderdyk kan ons ook toeskryf aan die vroeë dood van sy moeder. Dieselfde is waar van Shelley, Keats, Byron, Swinburne om maar 'n paar te noem. Ook word die eienaardige, onafrikaanse Madonna-verering van v.d. Heever vir ons psiego-analities verklaarbaar.

Langenhoven het sy moeder in sy vroegste kinderjare verloor. Onbewus het hierdie gemis in hom geknae en geknae tot uit 'n magtige gevoelskompleks *Die Pad van Suidafrika* gebore moes word. Aanvanklik, hoogswaarskynlik, bedoel om die geskiedenis van ons volk aan onbevoorregtes in 'n vorm te bied wat lewe sou giet in dooie feite, het die stukrag van 'n lang verdringde liefdeskompleks dikwels 'n digterlike uiting gevind, wat verrassend skoon van segging en siening is. Wat ons veral in hierdie lieriese epos tref, is die persoonlike belydenis, wat die digter vleg tot 'n skoon krans, en met diep erkentlikheid lê op die graf van die „moedêr wat wag”. Luister na die persoonlike, diep-deurvoelde hartstog, wat soos bevrydingskrete klink van die volgende:

Waar is my kinders? my hart is leeg;
My borste loop oor van die melk,—
Wanneër tog, my kinders, wanneer?
My welkom lê leeg in my mond.
Kom tog om liefde te bring vir liefde wat
lange tyd wag.
Kom na my gretige arm — Suidafrika
smag vir 'n kroos.

En hoe word die geweldige liefde van die „moeder wat wag” alontkennend in die volgende kleurrike gevoelsuitinge erken!:

Te vergeefs daardie duistring van almag
Wat dreig aan jou kranse se voet;
Versmoor maar die sug in jou nagwind!
Van liefde uit peïlose hart.
Hou dit weg, hou dit weg, o verleier!
Ons wil nie betoor word van jou;
Gee pad met jou arms omhelsend, jou
boesem wat klop teen ons hart.
Ons sweer jou dan—wil jy nie glo nie?
—ons sweer jou jy vlei tevergeefs:
Ons hart is nie joune nie, joune nie—nooit,
nooit, nooit!

*Maar swaar is die liefde en diep wat haarself
teen haarselwe verset:
Deur ontkenning het hulle erken die
onweerstaanbare mag."*

Ons dink dat die sterk persoonlike element, die dwingende onmiddellikheid, die hartstogtelike, jeugdige gloed, wat in bostaande aanhalings en in die hele Langenhoven-figuur trouens tref, ons bewering regverdig, dat die digter as die vader van die minneliriek van die jonger generasie beskou kan word.

In die liefdesuitinge van die jonger geslag vind ons 'n ryk verskeidenheid en 'n verrassende voorspelling van die toekoms van hierdie genre. Ons maak net effens melding van studentikose liedjies soos Keet se *Troos*, *Ek haat die felle Daglig*, Was 'n *Jong Digter* en van Bruggen se *Studentewee*, as voorbeelde van verse waarin „'n vlugtige stemming in woorde" gevang is.

'n Tiepiese kenmerk van die soekende jeug, wat lewe en liefde aanvoel as groot mistieke probleme, waarvan nog maar min werklikheid geword het, is dié sentimentele versugtings wat geleidelik, alnamate die ervaring van die digter dieper en wyer word, oorgaan tot 'n rustelose verlangste na „ek weet nie wat", een van die eenaardigste kenmerke van die literatuur van ons horrelbeen-eeu. Hierdie geleidelike oorgang kan ons altemit die beste waarneem in die gedigte van van Bruggen, omdat hy die enigste onder die jong digters is (afgesien van die gepubliseerde weë van Harper Martins) wat 'n tweede bundeltjie uitgegee het. Die digter het meedoëloos 'n dertigtal „gedigte" in hul bestemde rusplek, die snippermand begrawe, sonder 'n sweempie van weemoed. Dit was sy stroopsoete, ideële versugtings, vol trane, ander nat geluide en ewighede, wat hy tydig vermoor het. Wat hy van *Lentestemme* in sy *Gedigte* bewaar het, was verse waarin die werklikheid klop. Ons haal hier 'n voorbeeld aan:

O, 'k wil met vingers so onnoembaar sag
Jou goue lokke strengel. 'k Wil jou lippebloed
Voel klop op myne, tot jou tergende glimlag
Die pyn voel van my warme liefdegloed!
Ek wil jou oë sien sluit, my lief,—die hemelbou
Sien mistig word as ek jou teen my dring,
En twee tot een smelt, soos die dou

Met sonlig saamvloei na die wye hemelkring!—

en vergelyk hiermee die netso onmiddellike en hartstogtelike uiting van v. d. Heever:

Die lag het in haar oë nóg gedans
En pêrelend geskemer oor haar mond,
Toe ek iets snaaks vertel het; maar terstond
Verdwyn dit toe my sinne, deur die glans
Verblind, verbysterd uitroep: God jy's skoon!"

Liefdesrealiteit en weemoedige verlangste na die eendlose onverklaarbare, wat deur die werklikheid nooit tevrede gestel kan word nie, wissel mekaar orals in die gedigte van die jonger geslag af. In 'n ongepubliseerde bundel, *Stemmingsure*, van C. M. v. d. Heever word hierdie jeuguiting, wat tewens 'n weerspieëling van die onrustige soeking van ons eeu is, pakkend weergegee. In sy *Volmaan* kan hy die verlange wat by hom opgewek word; in die perspektief van tyd „ewig-mooi” noem, en as hy die innige rus wat met die skemer oor 'n plaas-atmosfeer daal indrink, kan hy in felle kontras saam met Kloos die skrynende weemoed voel van 'n „hart wat nooit nie, nooit nie rus.” Dieselfde gevoel het Mostert angstig laat vra:

„Is liefde dan lye en leed
wat vrugtelos soek en nooit vind?"

Terwyl ons in die digter van *Elker Siele* die onrus en onsekerheid van liefde nog duideliker omlynnend weervind in die volgende strofes:

Die sonlig se glore, ek weet, ek weet.....
is 'n boodskap en fluister my toe:
„Dis 'n straal na die nag; dis liefde na leed.”
Ek weet dit sal kom—maar—hoe?
As ek lente se weelde met praal verguld,
voor die hemel se vensters sien,
dan fluister die windjie: „Geduld, geduld”.

Maar die nagwinde huil: Miskien!.....!"
Van den Heever het in dieselfde gemoedstoestand verkeer toe hy die geur van 'n pakkie briewe opasem, en sy hart vir 'n tydjie só bolmakiesie slaan dat hy verlang „na ek weet nie wat.” En van Bruggen wat in maatskaplike sin gevind het waarna die mensdom strewe, kan een aand net een ou liedjie sing—'n liedjie van verlange (ongepubliseer.)

„Maar eenmaal in die lewe kom
Die liefde weergaloos;
En eenmaal in die gaarde blom
Volmaak 'n wonderroos.”

Dit kan Dr. A. G. Visser, die grootste en rypste minnedigter van die jonger generasie voel, as hy tussen die skimme van 'n verliefde verlede, opstyg tot sy grootste en waaragtigste liefde. Die Verse „Van Rose en Liefde” is uit smart gebore. Die digter moes, wat hy die liefste op aarde gehad het, afgee. En daarom klink dit droëwig en tog met 'n naklank van berusting:

„Verwelk helaas my tuin se prag—
Weg met die donker stroom—
Die wind deurwaai my hof by nag
En vind my met my droom.”

Is dit 'n wonder dat 'n groot liefdevolle hart voel hoe die gedagtes aan „lippe wat nog lag en lonk” tot herinnerings geword het wat nou skroei?

Stellig die mooiste eienskap van Visser se minneliriek is sy kalm berusting in die werklikheid van die lewe. Nêrens in ons letterkunde is groter innigheid te vind nie as in sy *Laetitia*, die herinneringskransie gewy aan sy „liefde weergaloos”. Jong liefde, huwelik, moederskap en —dood, word beurtelings sò skoon en innig besing, dat melodie en gedagtes in ons hart bly nasing. Ons haal hier die laaste strofe van die gedig aan:

'n Lied van marmer-wit gesig,
Van dierb're oë sonder lig;
Die liewe lippe bleek en kil;
Die warme hart vir ewig stil;
Die hande op haar bors gekruis,
Vir lange rus in laaste huis;
Madonna-lelies op haar skoot,
O, kalme skoonheid van die dood!
Die Heer het menig' liggpaleis
En daarheen sal haar siele rys
En daarheen volg my liefd' haar na;

Laetitia Beatifica!

Hoe kalm objektief en hoe sielsinnig klink die digter se stem as hy een vir een die herinneringsbeelde sif uit die beeldery, wat sy groot smart opstoot, en dan in 'n vorm giet wat ewig môet lewe. Hoe tref die oorwinningsglim-

lag van sy smart ons as hy selfs in die dood 'n kalme skoonheid weervind, en hoe spontaan-natuurlik volg die geloof dat daar 'n „tot weersiens!” sal wees en dat sy beminde nou Laetitia Beatifica geword het. Op Visser is die woorde van Byron by uitstek van toepassing:

„But lo! he mastereth himself and makes
His torture tributary to his will.”

Dit is aan sy groot oorwinning oor sy smart te danke dat ons in Visser tot dusver ons grootste minnedigter kan erken. Sonder hierdie tragiese gebeurtenis sou sy *Gedigte* nooit 'n ewenement in ons letterkundige geskiedenis geword het nie.

Hoewel in Visser die liefde wat berustend buig onder die wetlikheid van die lewe, tot ryp en oortuigende uiting gegroei het, vind ons in die digters van die jonger generasie orals dieselfde kenmerk. Hoe fors klink diéselwde oortuiging nie in van den Heever se *Berusting* nie:

Waar newelstelsels wêreld word,
Waar keisers en kwepers ryp en val,
Waar die voorhoof van kranse bepêreld word
Met valle en kleure, oweral,
Selfs waar Armageddon sy kake rek
En volkere weg uit die wêreld spu
Is wet, en van uit sy druipende muil
Klink 'n ysere simfonie.
En dood en lewe — dis alles reg,
En liefde is wet: en ek voel tevrede,
Want wie sal ons twis met God gesleg?
En alles ruis in die ritme mee.

Wat die Lewe Leer van van Bruggen getuig ook van lewenservaringe wat sy vroeër uitbundige, en sentimentele versugtinge oor liefde veral, touwys gemaak het:

Wat die lewe leer bewaar jy,
— Lewensvreug en lewenssmart —
Soos 'n pas ontdekte kleinood
In die dieptes van jou hart,
Waar dit uitbars in die botsels
Deur jou lewensdrang gevoed,
Wat jou innerlikste denke
Touwys maak van sleg en goed.

Min of meer in dieselfde gees probeer Wassenaar eerlik om deur te dring tot die kosmiese van ons lewensbestaan;

die raaisels wat soos spinrakke om die moderne siel gespin word wil hy ook ontrafel. Daarom weet hy dat die skepping hom ook sy doel gegee het, al is dit net om „een polsslag in die ritme van die Heelal” te wees. Dit is hoogswaarskynlik aan hierdie wysgerige neiging van die digter te danke, dat hy sy liefde altyd soos ’n klein patroontjie borduur op die groot raamwerk van sy natuurviesie. Hoewel ons in Wassenaar orals moontlikhede vind vir die toekoms, mis ons egter die oorwinningsklank oor smart, waaruit die grootste minneliriek gebaar word.

Dit sou egter verkeerd wees om te dink dat by digters, wat berusting gevind het in die wetlikheid van die lewe, die skimme van die verlede op die ongeboore skimme van die toekoms, nie sou kom spook nie. Verlange in hierdie rustelose eeu van ons sal die sterkste ontroeringsmotief bly, totdat ons deurmekaar wêreld weer op pote staan. En dit sou ons glad nie verwonder nie as in ons minneliriek veral die weemoedige skoonheidsoeking van ons eeu ook een van die grootste boustowwe van ons digkuns in die toekoms sal word. Kieme van hierdie beweging sien ons orals in die bundels van v. d. Heever, van Bruggen, Mostert, Kamp en veral in die ongepubliseerde verse van C. M. v. d. Heever, Eitemal en I. D. du Plessis.

Die oorsaak van hierdie skoonheidsoeking is hoogswaarskynlik weer te vind in die stelling, wat ons in die begin van ons betoog neergelê het. Hierdie siellose tydgees keer al ons sintuie na buite. ’n Harde, meetbare, materiële werklikheid gee die toon aan in die maatskappy. Verreweg die meeste produktiewe geeste op letterkundige gebied is òf gekonsentreer in die groot stede, òf het hul lewe so ingerig, dat alleen ’n daaglikse erkenning van die Mammogod ’n bestaan moontlik maak. In die proses van aanpassing voel die kunstenaar die weemoed van al die klein dingetjies, wat hy noodwendig en altyd onwillig moet prysgee. Eers mag dit altemit net ’n skielik-opwellende verlangste wees om vanuit die sleurlewe van ’n daaglikse roetienewerk waar ’n haatlike onrustige stadswolwing, vol masjienegeraas en ontsettende oppervlakkigheid die stil aanhoudende roepstem van sy siel verdof, weg te vlug na ylblou rande, wat dōer in die verte roep met ’n stem so verleidelik as die stem van ’n ou beminde.

Dis hierdie gevoel wat v. d. Heever half-sienies laat besef dat Cupido nie meer soos vanouds vry rond dwaal

nie, maar met 'n hardebolkeil op sy krulkoppie gedos in 'n spoggerige manel, verhuis het na die aandeelmark. Vanuit Amsterdam het van Bruggen die Heimwee-sug geslaak van

„My siel verlang na die stilte
Van die wye wuiwende veld,
Ver van die stadsgeluide
En die klinkende klank van geld.”

Heimwee groei tot rebellie in C. M. v. d. Heever se *Die Ewige Lig*.

Die drome van die ewigheid verloor
my siel, die vuur van lewe blus, verdwyn;
ek treur in stilte om die lied wat skryn,—
gebroke snikke deur die tyd gesmoor.
Die god wat sing in my moes ek vermoor;
die eggo's van die ewigheid verdwyn,
ek moet deur vuilgoed vroetel, demp met pyn
die melodie wat lewensvreug verstoer.

Dieselfde gedagte word weer rustiger beskouend uiteengesit in I. D. du Plessis se gedig *Die Dromer*

—„om in die modderplas
van grof materialisme neer te sink
en eie sielelewe prys te gee —
Dit kan hy nie.”

En in van Bruggen se 1921 (ongepubliseer) vind ons 'n wysgerige bespreking oor hierdie probleem en tewens brokstukke van die lewensbeskouing van die digter self.

.....

En kruppel het die wêreld toe geword,
Want liefde was oorwoeker deur 'n onrus
Wat nooit die honger in 'n siel kan stil.
Die toekoms in! Die toekoms in! Verby
Die graftes wat hier spook! Druk deur die wolk
Van wee wat op ons weeg, en o, skeur weg
Die lanfer van ons lye. Haastig tog!
Maak spoed, maak spoed, ek soebat jou, o eeu!
Daar is geen tyd vir liefde of vir God;
Daar is geen tyd vir stille huislikheid.
Dis feite wat ons buite roep en staal
En yster-monsters wat ons wille dien.
Die bande wat ons bind aan die verlede

Weeg swaar soos kettings op ons lyf.
 Hul's vasgeroes en afgeleef en knars
 Van onmag. Kap hul af, o mens, want ons
 Moet vry wees soos die tye wat ons wag.
 Wat traak dit ons as duisend agterbly
 So lank as ponde in die skatkis klap?
 Druk deur! En laat ons lag saam met ons siel
 se wens uitstoot, hoog bo die skerpe glas-
 rinkink—„Die Toekoms in!” „Die Toekoms in!”—
 en dan klink die antwoord

Geen mens kan soos 'n siellose masjien
 Alleen die toekoms soek en gister doodkrap,
 Of sy siel moet kruppel wees, sy oë
 Blind vir skoonheidsflikkerglans wat
 Die ewigheid bewaar. Ons krag is in
 Die stille hoop wat in die mensesiel
 Gebêre word, en skaam soms uit die diepte
 Breek, soos koringsprietjies wat in winterslug
 Ontuis staan bewe. Dis 'n krag wat in
 Die skatkamers van menseharte al
 Die eeue deur was opgesluit, en daar
 Gewoeker het, totdat die dag sal kom,
 Wanneer die mag van liefde los sal skeur
 En weer die aarde sal regeer.....

Ons jong digters se uitinge in verband met die groot
 maatskaplike konflik wat ons voorland is, is net voelarms
 wat uitslinger toekoms-toe. Dis ver van ons om te be-
 weer dat die ontsettend grote probleem met al sy moont-
 like vertakkinge deur ons jong digters aangevoel is, maar
 hul waarskuwende vingers word dikwels vol oortuiging
 opgehef en ons sal moet luister. Later sal die groot
 sanger kom altemit, wat soos Celliers 'n handjievul jare
 gelede, ook sal moet blaas op 'n bevel, want ons nasie
 slaap en baie van ons wil maar nie wakker word nie.
 Ons stryd lê voor. Daarom, hoe eerder ons „die storie
 van ons sterfte” as 'n brok inspirende geskiedenis kan
 beskou, en hoe eerder ons saam die probleme van die hede
 en die probleme van die toekoms soos manne wat hul
 man kan staan aandurf, hoe kleiner die persentasie van
 ons volk sal wees wat ons volkseie sal afsterwe.

Daar is min dinge wat 'n mens so onklaar maak vir
 die lewensstryd as introspektiewe en retrospektiewe my-
 merye, vernameklik as die oorpeinsinge afgestorwenes
 geld. Roubetoon wat te lank uitgereek word kan later 'n

seurklag word. Laat ons tog beseef dat ons oorloggie van 1900 'n betreklik klein affêretjie was, en tog net groot genoeg om ons 'n wakker volk te maak. En verder bly die laaste stem van die verlede by monde van Suid-Afrika se grootste seun ons leus:

„Soek in die verlede al wat skoon is en bou daarop jou toekoms.”

Hierdie stukkie teoretiese pedagogiek bring ons tot ons laaste vraagstuk, wat met die voorafgaande in nou verband staan—die godsdiens van die jonger geslag. Ons is hier op gevaarlike terrein. Ons het gesien dat die Afrikaners wat teenswoordig sing in baie opsigte opregte kinders van hul eeu is. In alles wat hulle besing bespeur ons 'n sterk persoonlike klank. Dit sou derhalwe vreemd wees as hierdie ontluikende persoonlikheidsgevoel nie die tydgees se rebellie teen oorgeërfde vorms en dogmas sou deel nie. Maar hierteenoor staan weer die beseef van die groot waarde van 'n dogmatiese-geformuleerde geloofs-belydenis in ons volksverlede. Dit skyn dat 'n kompromis onvermydelik is. Eerstens, dank sy 'n sterk bewuste persoonlikheidsgevoel, wat nie tevrede is met die geloof van die massa nie, klim die sekerheid op in die harte van die jonger generasie dat iedereen sy eie pakkie *volgens sy eie insigte*, sal moet dra; dat die 20ste eeu rusteloos soek op die puinhope van 'n wêreldoorlog na nuwe waarhede en nuwe dogmas. Twedens, bly diep-in die oorgeërfde eerbied vir wat traditiesie geword het in godsdiens, klop; voel die jong, eerlike soeker dikwels die groot leemte in sy hart wat die gevolg is van 'n gevoelsgodsdiens sonder beproefde vorm. Die konflik tussen die oue en die nuwe in verband met godsdiens skep ook weer liederewaar in siele onrustig smee en verlang na lig. Om hierdie verlangste enigszins te bevredig het skoonheid en godheid dikwels tydelik 'n verbond gesluit. Daarom voel die jonger generasie dit glad nie as heiligskennis as hulle die naam van God in hulle gedigte „ydell” gebruik nie. Wat 'n wêreld van verskil is daar b.v. nie tussen die stoer, rasegte Calvinisme van Totius, en so'n spontane liefdeskreet van v.d. Heever se „God jy's skoon” nie. Maar skoonheid en godsdiens wat afhang van persoonlike siening en -grille, en wat nietemin dikwels eerlik, opreg en diep-deurvoel is, moet as gevolg van die persoonliktydelike van hul herkoms, uitloop op weemoed, wat die vrug is van iets, waarna 'n mens soek en nie vind nie.

Van Bruggen was die eerste wat in sy *Pan* rusteloos en honger van hart hierdie geestestoestand van die jonger generasie besing het. Tussen „vreemde gode van die heidendom” dwaal hy soekend rond, skyn bevrediging te vind in die outydse natuurgoed maar voel tog daarna dat

„bokant hierdie wilger,

En verder as die stroompie wat hier vloei,
En anderkant die bewende blou rande
Is groter dinge as wat op aard' kan boei!
Die boom wat bo jou hoof welf, was 'n saadjie,
Die stroompie wat daar sing, 'n vlekke mis,
En daar is meer as ooit verstand van wis.
Kyk na die sterlug in die winternagte,
En vra nie na 'n herkoms of 'n doel,
Die God van al die gode hier op aarde
Kan jy alleen begryp met jou gevoel!”

I. D. du Plessis in sy gedig *Die End* wys ook hoe die jonger generasie ook tevredenheid kan skep en waarheid kan sien in „bewondering van die Godheid deur die kuns”.

„In alles deur die oppergees geskep
Skuil Ritme: branders van die see, die wind
Wat eikearms sierlik laat beweeg
En sferes wat hul sirkels ritmies volg.
Geen vrees dus dat die Ritme deur die Dood
Sal onderbreek of selfs verander word;
Bewondering van die Godheid deur die kuns
Sal altyd skoon bly.”

By Visser blyk dit ook duidelik dat Godheid en skoonheid twee nouverwante begrippe is. In sy *Tuinman* b.v. is die simboliek so innig verwerk met die skoonheid dat die geheim van die vorm, die geur van die roos tesame met die Tuinman, vir ons louter skoonheid word.

Elders het ons melding gemaak van die eienaardige en onafrikaanse Madonna-verering van F. v. d. Heever. Ons beskou hierdie verskynsel nie sodanig as 'n Rooms-Katolieke neiging van die digter nie, maar as 'n simboliese vertolking van 'n lang verdringde „moeder”-kompleks, wat in die digter se jeugdige liefde geen mooier en toepasliker beeld kon vind nie as die van die *moedermaag*. Van meer betekenis vir die godsdienstige beskouing van die digter is sy interessante gedig „In die Park”, waarin ons duidelik die verset van die jonger

generasie hoor teen oorgeërfde dogmas en formules.
Luister na die volgende:-

„En toe een aand,
Ek sien dit nog, die kerk was stapelvol,
En hel het lugterkroon en lamp gestraal,
En orgel-tone triomf uitbasuin.
Die predikant was glad van wang en stem,
—Ek sien die lig nog op sy voorhoof glim—
En wyl toehoorders weeld'rig sit en gril,
Het hy van voorbestemming sag vertel,
(Predestinasie, wat jy dit wil noem)
In periode ruim en afgerond.

Die wee, my God ek voel dit nog, die wee
Waarmee ek daardie kerkgebou verlaat het;
Dit het soos vure oor my siel geskroei,
Soos wurme in my murg geboor, my brein
Laat brand soos koors.

Waarom, dag ek, waarom
Die mensdom selfbewus gemaak, gebied
'n Ewig voortbestaan, totdat hy lus
En toe, net soos 'n kind 'n hondjie terg,
Dit weggeruk? Die glorie, adel, prag,
Die wilde skoonheid van ons groot heelal,
Wat soos 'n riet my hele siel laat tril,
As die grootse harmonie daarvoor gaat ruis,
Gaat alles swanger aan verderf en hel;
Wyl Hy, die Maker, homself Liefde noem!

„En daar ek so'n God nie kan bemin,
„Is ek verdoemd”, hoor ek ingewing sê.

Ons moet nou afstap van hierdie onderwerp hoe interessant dit ook al mag wees. Die Godsdien van die jonger generasie is nog te vaag omlyn, net soos dit by die „moderne” mense te vaag omlyn is, om hoofrigtings te sien. Sal die oue wen, sonder dat daar 'n aanpassing, 'n kompromis, sal geskied? Op maatskaplike gebied, kan ons met sekerheid sê vereers nie! Maar ons geestelike lewe is diep en ondeurgrondelik, en vatbaar vir ongedroomde moontlikhede — en daarom juis — wie weet!

—o0o—